# Die Finale Roep

## Baie is geroep maar min is uitverkies



Deborah Melissa Möller

# OUTEURSERKENNINGS

Alle dank aan God die Vader, Sy Seun Jesus Christus en Sy Heilige Gees, vir hierdie taak wat aan my toevertrou is om die wil van die Vader te doen. Dankie dat ek reeds voor die grondlegging van die wêreld geroep is om te help om U Bruid uit te roep. Dankie vir U genade en barmhartigheid. Dankie dat U my God, my Vader, my Koning en my Helper is, want U inspireer en seën my daagliks. Ek het U lief, Here!

Ek wil vir almal dankie sê wat daagliks vir my bid en altyd lief is vir my en my aanvaar vir wie ek is. Ek wil veral vir my familie en vriende dankie sê. Dankie ook aan my intreder en vriendin, Helena!

Dankie Reneè en Johan Marais dat julle deel is van my voorbladstorie! Baie dankie ook aan Petra van der Walt, Retha Batts en Ellie Landman vir hulle hulp met die redigering van die boek.

Eer aan die Vader!
Eer aan die Seun!
Eer aan die Gees!
Hierdie Drie is Een!

# INHOUDSOPGAWE


INLEIDING

Hoofstuk 1: KOM UIT BABILON

Hoofstuk 2: MY SKAPE HOOR MY STEM

Hoofstuk 3: GEE OOR!

Hoofstuk 4: DIE SKAT IN JOU HART

Hoofstuk 5: MY NEDERIGE DIENSKNEGTE

Hoofstuk 6: MY GELIEFDE BRUID

Hoofstuk 7: MY WYSE MAAGDE

Hoofstuk 8: DIT IS “ONS DING”!

Hoofstuk 9: SOOS IN DIE TYD VAN NOAG

Hoofstuk 10: VERGIFFENIS

Hoofstuk 11: EK IS

Hoofstuk 12: EK SAL JOU TOETS

Hoofstuk 13: DIE OES IS GEREED

Hoofstuk 14: BOODSKAP VAN DIE VADER

GEBED

# INLEIDING

Op 19 Julie 2010 het ek die volgende gebed gebid, wat ek in my joernaal neergeskryf het.

"Vader, my grootste begeerte is om by U te wees. Here, wat is my skeppingsdoel? Here, hoekom is ek hier? Ek verlang so om by U te wees Here!" (Die Here het vroeër aan my genoem dat dit is soos om in die weermag te wees – jy kan nie daarvan wegkom nie, want jy moet jou tyd uitdien, maar jy weet jou Geliefde wag vir jou by die huis). Ek het gebid: "Vader, onthou my en dink aan my en laat my lewensboek gedurig voor U oë wees. Ek begeer soveel meer van U. Waarvoor is U besig om my voor te berei? Dit moet iets wees wat U ná aan die hart lê. Gaan U my ook vrymaak soos vir Hephzibah?"

Ek het in hierdie tyd Hephzibah Maritz se boeke *Geheime van die hel ontbloot* en *Geheime van die Hemel ontsluit* gelees. Ek het die Here gevra oor my skeppingsdoel, want ek was so geraak deur wat die Here met my gedoen het deur haar boeke en die Here het aan haar bekendgemaak dat dit haar skeppingsdoel was.

Die volgende aand, 20 Julie 2010, het ek net op my bed gelê en was op die punt om die laaste hoofstuk van Hephzibah se boek te lees, toe sê die Here vir my: "Jy gaan 'n boek skryf oor die eindtyd. Dit is jou skeppingsdoel." Ek het ervaar dat die Here vir my sê dat dit nie maklik gaan wees nie, omdat mense dit nie gaan aanvaar nie. Slegs

die oorblyfsel uit die nasies (‘remnant’) gaan dit aanvaar. Die boek sal wees vir Sy Bruid, die oorblyfsel uit die nasies (‘remnant’).

Die boek sal handel oor die voorbereiding vir die Koning se terugkeer en ook sodat dié wat nie weet nie, gewaarsku kan word. “Die boek sal ‘n geskenk vir My Bruid wees. Dit is vir diegene wat My liefhet, wat na die waarheid soek en uitroep: ‘Vertel ons meer, Here, net die waarheid, Here!’ Die boek sal oor Jesus handel. Jesus is die sleutelfiguur. Jesus moet julle fokus wees en Jesus is julle bestemming.”

My naam, *Melissa,* beteken *heuningby*. Die Here het aan my bekendgemaak dat my naam in die Millennium *Deborah* sal word, wat verbasend genoeg ook *heuningby* beteken. My vrugte sal dus dieselfde wees.

Ek het ervaar die Here sê dat ek, as ‘n heuningby, heuning aan die Bruid sal gee. “Dit sal soos Rebekka wees. Die boek sal die lesers voorberei vir die koms van die Koning, want die Koning gaan kom. Omdat jy bereid was om op te staan voor die mense en hulle te vertel waarvan ek jou vrygemaak het, het Ek jou voor die Vader verhoog.”

**“Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot ‘n profeet vir die nasies gemaak.” (Jer. 1:5)** “Met hierdie boek sal jy ‘n profeet vir die nasies wees.”

Op 7 Augustus 2010, het die Here vir my die volgende gesê:
"Ek gaan die 'klein boekie' van Openbaring 10 bekendmaak. Hierdie bekendmaking is om die harte van My mense, My uitverkorenes en My Bruid, voor te berei. My Bruid sal dit as die waarheid neem en dit soos heuning eet. Alhoewel dit bitter gaan wees in die maag, sal hulle duideliker sien en verstaan dat Ek hulle liefhet, en omdat Ek 'n liefdevolle Vader is, wil Ek My kinders vroegtydig waarsku, omdat Ek hulle liefhet en hulle nooit sal verlaat nie. Ek sal hulle en baie ander se dors les – dié wat uitgeroep het vir die waarheid en openbarings en geheime en baie meer.

Ek het My volk lief. Sê vir hulle dat Ek kom en dat die tyd min is. Ons is gereed om die Bruid te kom haal. Die Bruid moet nou vinnig gereedmaak. Hierdie boek (Openbaring 10, klein boekrol) is een van die werktuie wat Ons gaan gebruik om die Bruid voor te berei. Die boek sal hulle wakker maak, dit sal hulle skud, dit sal hulle ontwortel, dit sal hulle plant. Ja, soos in Jeremia met die vier negatiewe en twee positiewe funksies (pluk, trek, vernietig, afbreek, opbou, plant), so sal dit wees. Dié wat suiwer van hart is, sal die waarheid sien en besef.
Julle sal net die waarheid sien as julle My toelaat om julle met vuur te louter. Ek sal net in staat wees om julle te plant as julle My toelaat om die onkruid tussen julle saad uit te pluk sodat julle kan groei en dan, slegs dan, sal julle gereed wees om My aangesig te sien en saam met My en My Vader fees te vier. Ek doen en sê slegs wat Ek My Vader sien doen en hoor sê.

Sê vir My Bruid om wakker te word; dis nie meer vakansie nie. Ek wil reinig en suiwer. Word wakker My Bruid! Ontwaak uit jou slaap en roep na jou Bruidegom, die Koning van alle konings en die Heer van alle here. Alles is gereed en in plek. Kom saam met My, kom dans met My en wees My Bruid. Kom uit Babilon en die vals aanbiddingstelsels uit. Gaan in jou binnekamer, maak die deur toe, roep My aan, reinig jouself, was jouself in My bloed; dan sal Ons Onsself aan jou bekendmaak en jou voorberei vir wat voorlê in die tyd wat kom.

Gaan vertel vir My volk dat Ek kom en dat hulle daarvoor moet voorberei (onthou die vyf wyse maagde); anders sal Ek kom soos 'n dief in die nag. Ek het My volk lief. Kom daarom na My toe, My Bruid. Verwyder die menslike afgode tussen julle, draai na My toe en fokus net op My. Ek is jou bestemming en Ek het jou lief van ewigheid tot ewigheid, My Bruid.
As jy maar net na My verlang soos Ek na jou verlang. Nou is die tyd dat Ek sal begin skud, pluk en valse aanbidding en afgodery vernietig, sodat Ek 'n ewige saad kan plant. Ek moet diegene wat Ek liefhet, dissiplineer. Ek sal hierdie dinge doen omdat Ek julle liefhet en weet wat goed is vir julle. Vertrou op die Here met alles wat julle het en dit sal goed gaan met julle. Bly op My gefokus en Ek sal julle voetstappe rig en julle pad gelykmaak.

Word wakker My Bruid, want Ek wil jou huis toe neem. Daar is dinge wat jou oë nie gesien het en jou ore nie gehoor het nie. Dié wat ore het om te hoor: luister na wat die Gees besig is om te sê.

My mense is vasgevang in losbandigheid. Kom uit julle sonde uit en reinig julleself. Ek het wel genade, maar daar sal ‘n tyd kom dat die deur van genade gesluit sal word (onthou die vyf dwase maagde) en julle sal nie deel hê aan die bruilofsfees nie en Ek sal julle nie ken nie. As jy met My wil trou, moet jy My liefhê en intiem wees met My. Dit is tog ‘n basiese liefdesbeginsel! Dié wat My liefhet en gehoorsaam, met hulle sal Ek trou. Soos Rebekka wat met Isak getrou het. Sy het hom nie voor die tyd gesien nie, maar sy het ingestem om met hom te trou en sy was rein en beeldskoon, en sy het goud en skatte ontvang. Die skatte sal aan My Bruid gegee word. Dié wat die stelsels van hierdie tyd oorwin, sal groot eer en rykdom ontvang. Kom na My toe, kom sit by My voete. Ek sal julle rus gee en julle die waarheid en liefde leer. Roep My aan en Ek sal julle red en groot dinge wys, dinge wat nog nie openbaar gemaak is nie. My Bruid, berei jouself voor, want Ek kom gou!”

Gedurende die derde week van April het ek vir die Here gevra wat van die boek wat Hy wou hê ek moes skryf, omdat daar op daardie stadium ander deure vir my oopgegaan het en ek nie seker was waar die boek sou inpas nie, omdat die Here se koms voor die deur is. Ek was nie seker dat daar tyd sou wees om ‘n boek te skryf nie.

Op Vrydag 22 April 2011, toe ek in stilte op die Here gaan wag het en net voor Hom neergekniel en Hom liefgehad het, het Hy gepraat en vir my gesê om my dagboek te gaan haal. Ek het begin neerskryf wat Hy gesê het. Terwyl ek skryf, het Hy gesê dit is die boek hierdie, en ek moes alles neerskryf soos wat Hy dit gesê het.

Hiermee wil ek vir jou, die leser, die Bruid van Christus, vra dat as enigiets onduidelik, onwerklik of onbybels klink, jy dit asseblief na die Here toe moet vat en Hom vra wat die waarheid is. Net die Here kan die absolute waarheid vir jou oopmaak en Hy sal dit aan jou bekendmaak as jy Hom vra. Wil jy die waarheid van die Here af hoor? As die Here iets aan jou bekendmaak, staan dit vas, en niks en niemand kan dít wat Hy aan jou bekendmaak, uitwis of verander nie.

Ek is net 'n instrument wat Hy hiervoor gebruik. Ek is net een van sy kinderlikes wat soos 'n kind voor Hom is. Ek is net gehoorsaam in wat die Vader van my vra. Ek kan net neerskryf wat die Here vir my gesê het. Ek is baie deur die Here getoets. Hy het my dikwels moeilike opdragte gegee, want Hy het my die vrymoedigheid en moed gegee om dit te doen, maar Hy het my ook getoets om te sien of ek Hom liefhet en Hom bo alles sal gehoorsaam. Sou ek na die Here luister, te midde van die kerk of bedienings-leiers wat teen my opstaan? Ek moes slegs op die Here vertrou, en nie 'n kompromie aangaan met die gees van Isébel nie. Aan wie onderwerp jy jou? God of 'n mens? Jy behoort altyd eers vir die Here te vra en te wag vir Sy bevestiging. As jy op 'n mens vertrou, kan jy maklik mislei word, want die Here Jesus Christus is ons enigste Hoof. Nie baie hoofde nie. Een Hoof. Al die ander is die Liggaam. Ek is net 'n **"stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van die Here, maak sy paaie reguit!" (Mar. 1:3)**

## Hoofstuk 1

# KOM UIT BABILON

22 April 2011

God het vir my gesê: "My Bruid is besig met 'n opmars. Ek stuur haar uit, Ek sal die weg aanwys; volg My net."

Ek het God gevra waarheen die Bruid op pad is en Hy het die volgende geantwoord: "Hulle luister na My stem. Soos die skape en die herder, sal hulle My volg."

Ek het God weer gevra waarheen hulle op pad is en Hy het geantwoord: "Om My te volg. Ander sal dan ook volg en ons sal 'n Liggaam word – een Liggaam. My Bruid sal begin om na My stem te luister en hulle sal wakker word en My volg. Kyk wat gaan gebeur. Ek vertel dit vir jou voordat dit gebeur".

**MY SEUNS**

"My seuns van God, staan op en spreek! Hulle (die Bruid) sal My stem herken, luister en My volg. Ek sal hulle sterk maak in My en hulle sal My gehoorsaam en liefhê. Ek staan op die punt om My seuns te openbaar. Hulle sal met gesag praat en die krag van God sal in hulle monde wees. Jy is een van hulle My kind. Pasop vir die wolwe in skaapsklere wat sal kom om jou aandag af te trek terwyl jy My Wil

doen.  Die gees van Isébel en jaloesie lê daaragter.  Drink van My, die Fontein van die Lewe, die Water van die Lewe, en Ek sal jou rus gee."

Ek het God gevra wat Hy met my wil doen.  Sy antwoord was die volgende:  "Ek sal jou na My skape toe stuur, na hulle wat dors is.  Jy sal hulle na My toe lei en Ek sal hulle die water van die Lewe gee.  Ek sal hulle oor berge laat marsjeer.  As  hulle in eenheid loop, sal hulle sterker word – 'n helder, stralende Krygerbruid."

## DIE HUIDIGE KERKSTELSEL

"Die kerk is tans swak, omdat sy nie 'n eenheid is nie en nie as 'n eenheid beweeg nie (1 Kor. 3) en haar fondasie is Babilon. (Open. 17) Ek sal My Bruid wakker maak.  Ek sal die ore van die dowes en die oë van die blindes oopmaak en jy sal sien hoe My Bruid My sal volg.  Ek sal haar uit die stelsel roep.  Alhoewel sommige sal hoor en tog nie gehoorsaam nie, sal daar diegene wees wat sal hoor en My in geloof sal volg, en hulle sal die wysheid van eenheid verstaan.

Moenie verskrik wees oor die huidige kerkstelsel wat jy sien en wat jou so ontstel nie.  My kosbare kinders is daar (Open. 17:4). Ek sal hulle daar uitroep en baie sal My hoor.  Ek, die Here, sal roep: 'Gaan uit haar uit, My volk.' (Open. 18:4)

Baie is geroep, maar min is uitverkies. (Matt. 22:14).  Baie sal My stem hoor, en nogtans nie luister nie, maar Ek sal hulle wat luister, seën en beloon en hulle sal 'n kroon ontvang.

Ek het My volk lief, soos die Israeliete van die Ou Testament, maar omdat hulle My nie gehoorsaam het nie, het Ek hulle in die hande van Nebukadneser oorgegee, aan Babilon. (Open. 17:16). Dieselfde sal aan die einde gebeur, soos in Openbaring 17 beskryf is. Ek sal haar in die hande van die Antichris oorgee. Ja, Ek sal hulle ook dissiplineer vir 1 000 jaar, maar hulle sal verstaan dat dit hulle keuse was en hulle sal onthou dat Ek hulle uitgeroep het en vir hulle ‘n keuse gegee het.

Hierdie moet jy alles skryf in die boek wat jy gaan skryf, My kind. Alles wat Ek jou vertel, moet jy neerskryf. Hierdie woorde sal My Bruid help om te verstaan waarom Ek haar roep om net in My teenwoordigheid te wees en nie in een of ander stelsel waarvan die fondasie nie in My gesetel is nie. Ek is ‘n jaloerse God en Ek begeer ‘n volk met rein, suiwer harte; mense met die hart van Dawid. Kom na My toe, bely en vra vir ‘n rein hart en ‘n nuwe verstand.
(Ps. 51). Ek sal jou nader trek en jou liefhê. Ek sal jou beskerm en beskut en jou lei. Gaan verkondig:

**“Gaan uit haar uit, My volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.”**
**(Open. 18:4).**

**“Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die duiwels nie.”**
**(1 Kor. 10:21)**

Die mens staan by ‘n kruispad en die keuse wat hy nou maak sal sy bestemming vir ewig verander.

Ek staan by die deur en Ek klop. As jy My waarlik en ten volle inlaat en My toelaat om jou God, Leier en Koning te wees, sal Ek jou voetstappe rig. Fokus op My. Hou op om afgode van mense te maak. Hou op om na mense te luister wat Ek nie gestuur het nie. Net diegene wat die eenheid van die Liggaam en Christus as die middelpunt verkondig, is van My af. Al die ander praat uit die vlees en hulle eie onderrig. Sê vir hulle as hulle begeer om deel van die Liggaam te word en die Vader se wil en plan vir die skepping te sien, moet hulle al die teologiese leerstellings opsy sit en net fokus op My Seun Jesus Christus, wat Alles is. Hou op om planne te maak wat My nie insluit nie. Baie keer dink julle dat Ek ‘n deur oopgemaak het, maar dan was dit nie Ek nie. Hoekom vra julle My, maar wag nie dat Ek antwoord nie? As ‘n deur dan oopgaan, neem julle net aan dat dit van My af is en as dinge dan later skeefloop, blameer julle My. Wanneer Ek ‘n deur oopmaak, sal Ek vir julle sê en julle sal weet dat dit eg en geseënd is.

Waarom wag My mense nie op My nie? Sommiges verstaan net nie dat hulle in stilte op My moet wag nie. Andere weer, spot diegene wat wel wag en wat sê: ‘God wil hê ons moet dit dóén.’
Luister – daar is ‘n riglyn – ‘n wonderlike riglyn. As jy in stilte op My wag, na My toe kom, jou hart skoonmaak en op My wag om te praat of jou aan te raak, sal jy met olie gevul word. Jy sal olie van die Vader

ontvang en Hy sal jou voorberei vir die wegraping. Terwyl jy in stilte voor My sit, sal Ek jou vul met olie en jou seën. Dis 'n wonderlike riglyn. My seun Dawid het dit ook gedoen.

Ek sal vir hulle wat gewillig is om saam met My te loop en My te eet en te drink, swaarde gee. Net diegene wat My daagliks eet en drink deur My Woord te eet en te drink, sal daardie swaard ontvang. Ek sal hulle lei in die Armageddon, want net hulle wat die swaard het, kan saam met My teen die Antichris veg. Jy ontvang die swaard met olie terwyl jy op My wag en My eet en drink (My Woord).

Slegs diegene wat nie in 'n Babiloniese stelsel is nie, kan deel van My Bruid wees. Ek kom vir 'n vlekkelose, rein Bruid. As jy deel is van 'n Babiloniese stelsel, is jy nie vlekkeloos nie. My Seun is nie in 'n 'kerkstelsel' gebore nie. Sy geboorte is aan skaapwagters en wyse manne bekend gemaak, nie aan die priester in die tempel nie. My Seun was nie deel van tempeltradisies en tye nie. Hy het gespreek en hulle wat soekend en honger vir die waarheid was, aangeraak. Sien jy die vergelyking? Jy sal My Bruid herken deur te soek na die verwerptes wat nie meer deel is van die 'kerkstelsel' nie. Ek besoek die kerke uit genade, maar gaan dit staak, want as Ek hulle geroep het, moet hulle volg. Daar sal 'n finale oproep wees.

Al die dinge wat in Matt 24 beskryf word, is reeds besig om te gebeur. My gedagtes en planne vir My Bruid is goed. Ek is besig om die Krygerbruid op te bou en Ek, die Here, sal haar vervolmaak. Ek, die Here, sal dit deur My Gees doen.

Wil jy deel wees van My Bruid? Bemin My; gehoorsaam My; eet en drink My; wag op My en volg My. Ek doen en sê slegs wat Ek My Vader sien doen en hoor sê. Julle moet dieselfde doen."

**"... Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur My Gees, sê die HERE van die leërskare." (Sag. 4:6)**

## Hoofstuk 2

# MY SKAPE HOOR MY STEM

23 April 2011

"Vandag verklaar Ek iets nuuts wat uit die Gees sal voortspruit. Riviere van water sal voortspruit; en almal wat dors het, laat hulle kom drink. Vandag is 'n nuwe dag. Kyk na die doelwit en stel jouself in om hierdie wedloop tot die einde toe te hardloop. Daar sal jy jou prys ontvang. Die groot wolk van getuies is nie volledig sonder jou nie. Hardloop dus hierdie wedloop met volharding en voltooi dit". (Heb. 12: 1-2)

"My kind, Ek wil jou vandag iets nuuts leer."

Ek het God gevra wat Hy my wil leer en Hy het gevra:
"Het jy geweet dat al My skape My stem kan hoor?"

Ek het dit geweet, maar dit was nie nuut nie. Toe sê Hy die volgende: "Maar nie almal is My skape nie, en nie almal is My Bruid nie. Baie hoor My, en hoor My duidelik, maar nie al My skape is gehoorsaam aan My nie. Ek is nie eerste in hulle lewens nie. Daar is te veel afgode in hulle lewens en daarom kan hulle nie My stem onderskei nie. Ek is vir hulle net 'n vae beeld. Jy hoor My duidelik, My kind. Weet jy hoekom?"

"Is dit U genade Here?" het ek gevra.

Sy antwoord was: "Ja, gedeeltelik, maar jy stel My eerste in jou lewe. Jy is gehoorsaam en jy het 'n suiwer hart en rein hande voor My. Dit is waarom jy My so duidelik hoor. Al My skape kan My op daardie manier hoor. Stel My eerste in jou lewe, gehoorsaam My in alles wat Ek vra en leef 'n skoon, opregte lewe. Verwyder daarom alle sonde en bely dit voor My. Draai dan 180 grade weg van jou sonde af. Dan sal Ek 'n God wees vir jou, en julle sal 'n volk wees vir My. Julle sal My hoor, want Ek sal die sluier van julle oë en ore laat afval sodat julle saam met My kan wandel."

**"Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie."**
**(Jer. 3:3)**

"Is jy bereid om jou lewe, soos jy dit ken, af te lê sodat jy kan lewe? Ek, die Here, kan meer vir jou doen in een oomblik as wat jy in 'n leeftyd kan probeer bereik. Ek sal hulle wat My naam (Jesus

Christus) aanroep, red en verlos.  My plan is goed en Ek wil net die beste vir jou hê."

**KOM NA MY TOE**

"Luister en wees gehoorsaam, sodat Ek jou na die beloofde land toe kan lei, soos Ek vroeër belowe het.  Ek sal jou nooit verlaat of versaak nie, My kind.  Dis nou die tyd om alles wat jy dink Ek is, te los en alleenlik na My toe te draai.  Kom sit aan My voete.  Kom wag in My teenwoordigheid.  Net Ek kan jou vul met olie en jou rus gee.  Kom na die geheime plek toe."

**"Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige." (Ps. 91:1)**

"Ek sal My engele opdrag gee om jou te beskerm.  Hardloop na My toe, kom drink van My lewegewende fontein.  Net Ek, die Here Jesus Christus, kan jou volheid in jou lewe, rus en vrede gee.  Voor die grondlegging van die wêreld het Ek 'n droom en 'n plan vir jou gehad. Sal jy My toelaat om daardie droom en plan oor jou lewe te voltooi? Wil jy jou bestemming in My bereik, die bestemming wat Ek in gedagte gehad het toe Ek die aarde gegrondves het?  Kom, My skape, kom na My toe, laat Ek julle lei en vertroetel.  Ek sal julle water en rus en vrede gee.  Kom drink van My!"

**DIE VADER IS LIEFDE**

"Niemand kan na die Vader toe kom behalwe deur My, Jesus Christus, nie. Ek sal jou na die Vader toe lei. By die Vader sal jy onuitspreeklike liefde kry, omdat Hy jou eerste liefgehad het. Die Vader wil Sy liefde aan jou bewys. Kom na die Vader toe. Die diepte van My Vader se liefde vir My skape is so groot en wyd, dat in alle ewigheid dit moeilik sal wees om te begryp".

**"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."**
**(Joh. 3:16)**

"Omdat Hy jou so liefhet, het Hy My geoffer. Is jy bereid om jou lewe op te offer sodat Ek jou die lewe en die droom wat Ek vir jou in gedagte het, kan gee? Ek weet van die begin af wat die einde sal wees. Vertrou My daarin, dat Ek weet wat goed is vir jou.

Terwyl ek op die donkie se rug Jerusalem binnegery het, op pad om die Vader se wil en roeping oor My lewe te vervul, was Ek onuitspreeklik bly oor jou, omdat Ek geweet het wat die Vader se plan vir jou is. Omdat Ek verstaan het watter impak dit wat op die punt was om te gebeur op jou lewe sou hê, was Ek gehoorsaam aan die Vader se wil en plan. Nou kan jy saam met My deel in die vrugte van wat 2000 jaar gelede gebeur het. Verstaan jy hoe een daad van gehoorsaamheid iemand tot in alle ewigheid kan beïnvloed en seën?

My kind, Ek roep My skape op tot gehoorsaamheid aan My. Nie net vir hulle eie onthalwe omdat Ek weet wat goed is vir hulle nie, maar om ander te seën sodat hulle deel kan wees van die een Liggaam en mekaar kan help. As jy My liefhet, sal jy My gehoorsaam.

Ek is die enigste ware God. Die God van Abraham, God van Isak en God van Jakob. Ek is as die wynstok gebore uit die troon van Dawid om My Vader te behaag, as gevolg van Sy groot liefde vir jou.
Kom soek My aangesig. Kom soek My Vaderhart."

**"Maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie." (Jes. 40:31)**

## Hoofstuk 3

## GEE OOR!

24 April 2011

"Vandag, My kind, het Ek 'n seël oopgebreek.

Die seël is die hart van My volk. Ek gaan die dop, wat My volk se hart gevange gehou het, verwyder. Ek wil die klip (dop) om hulle harte verwyder en aan hulle 'n hart van vlees gee. Dan sal die mense kinders van die lewende God genoem word. Ek, die Here, gaan dit

alles doen. Hierdie dop om hulle harte voorkom dat My volk reageer op My sagte stem. Ek verlang dat hulle met My kameraadskap sal hê, maar hierdie muur rondom hulle harte moet verwyder word. Weet jy hoe Ek daardie muur gaan verwyder?"

**"en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees." (2 Kron. 7:14)**

"Ek sal julle harte heelmaak! Gee oor, My kosbare volk, gee julle oor aan My en draai weg van julle sonde. Bely en vergewe dié wat julle kwaad aangedoen het. Laat Ek die Regter in daardie situasie wees. Gee oor, gee oor, gee oor! Dan sal Ek daardie skild om jou hart verwyder. Ek sal jou vergewe en jou hart skoon was. Ek sal jou in My troonkamer en My teenwoordigheid verwelkom."

**"Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees." (Open. 21:7)**

"Kom lê al jou probleme, sondes en hoop aan My voete neer. Kom gee vir My die mense wat teen jou oortree. Vergewe hulle en gee hulle vir My. Ek wil vir jou 'n rein nuwe hart gee, 'n hart van vlees. Net Ek, die Here, kan dit vir jou doen. Geen mens kan jou ooit heelmaak of verlos of herstel nie."

**JOU BELONING SAL VIR EWIG DUUR**

"My Bruid, Ek wil jou heelmaak, verlos en herstel. Ek verlang dat jy vlekkeloos en rein sal wees. Laat My toe om jou skoon te was en te heilig. Jy gaan so beeldskoon wees by daardie huweliksfees. Jy is My kosbare Bruid. Laat My toe om jou te baai in My vergifnis, My genade, en My guns. Laat My toe om jou voor te berei om voor die Koning te verskyn by die huweliksfees. Soos met Koningin Ester, moet daar voorbereidings getref word – 'n voorbereiding van reiniging. Slegs deur My Gees kan Ons jou voorberei. Ek bewonder jou, My Bruid. Laat My toe om jou My guns te bewys. Gee oor, My Bruid. Jou beloning sal tot in ewigheid duur. Jy sal tot in ewigheid geken wees as deel van My Bruid, vir ewig bekend staan as die Bruid van die Koning. Kan jy selfs net 'n klein deeltjie sien van die grootheid van hierdie beloning, My Bruid? Jou naam sal vir ewig gekoppel wees daaraan dat jy My Bruid is!

Ek het jou lief met so 'n oneindige liefde. Ek verlang dat jy My sal soek, die waarheid sal soek. Ek verlang dat jy in My oë sal kyk. Kom na My toe en dans met My. Ek begeer dat jy 'n innige verhouding met My sal hê, want Ek is jou Skepper, jou Man. Het jy My liewer as jou man of jou vrou? Het jy My bo alles lief? Ek begeer dat jy My eerste sal stel in jou lewe. Roep My eerste aan onder alle omstandighede. My begeerte is dat Ek jou begeerte sal wees. Kan jy voor My staan en sê: "Ek het U lief?" Kan jy jou liefde vir My verklaar soos vir jou man of jou vrou? Het jy My bo alles lief? My Bruid, jy gaan die ewigheid saam met My deurbring. Het jy My bo alles lief?

Soms verlang Ek om met jou te gesels, maar jy hoor My nie praat nie. Soms verlang Ek om jou tallose vrae te beantwoord, maar jy raak nie stil voor My sodat Ek kan praat nie. Maak tyd vir My, en jy sal My hoor praat. Ek sal jou vrae beantwoord. Reik uit na My toe. Ek verlang om met jou te kommunikeer en met jou te praat. As jy tyd maak om ‘n verhouding met My te hê en voor My stil raak, sal Ek jou groot dinge vertel. Ek sal in jou hart praat en jou gerusstel. Ek sal aan jou guns bewys. As jy nie skaam is vir My nie en My verhoog as jou Geliefde voor ander, sal Ek jou ook verhoog as My geliefde voor die Vader. My Vader is besig om My Bruid nader te trek.”

**“Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.” (Joh. 6:37)**

“My Bruid moet in ‘n verhouding met My wees. Ek wil jou My eie noem, Ek wil jou liefhê. My oë fynkam gedurig die aarde vir hulle wat My in die waarheid soek, vir hulle wie se liefde op My gerig is. Kan jy jou losmaak van jou omstandighede en op My fokus?”

**“Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.” (Matt. 6:33)**

“My Bruid, wat jy op aarde deurmaak en verduur sal alles sin maak as jy terugkyk daarna. Dit sal soos ‘n stofkorreltjie wees in vergelyking met wat vir jou wag in die Millennium en die ewigheid daarna. Weet jy nie dat wat jy saai, jy ook sal oes nie? Wat jy hier in die aardse lewe saai, sal in die Millennium en daarna geoes word. As jy die wil van My Vader doen – Sy volmaakte wil – deur aan Hom gehoorsaam te

wees, sal die vrugte wat jy oes goed, oorvloedig en genotvol wees tot in ewigheid. Jy is wat jy eet. As jy My eet, sal jy soos Ek begin “ruik” en mense sal na jou toe aangetrek word omdat jy is wat jy eet. My Vader vereis vele seuns en daardie seuns eet My (My Woord) en geniet My omdat hulle weet dat dit die Vader vreugde verskaf. Die seuns van God is gehoorsaam aan Hom en Hy onderrig hulle.”

## JESUS CHRISTUS IS DIE ENIGSTE HOOF

“Die seuns van God ken die Vader se wil en doel. Die Vader se wil en doel is een Liggaam, met Jesus Christus as die Hoof. Geen ander mens kan die hoof wees nie, net die Seun, Jesus Christus. Die seuns van God is oorwinnaars in die een Liggaam van Christus, waarvan slegs Jesus Christus die Hoof is. Slegs Jesus Christus het seggenskap en outoriteit. Hoekom glo so baie van My kinders dat ‘n kerk of bediening of leier hulle beskerm? Waar kom hulle aan daardie idee? Net Ek, die Here Jesus Christus bied ware beskerming aan enige persoon wat My aanroep om hom te beskerm. Net Ek kan jou teen die magte van Satan beskerm. Dit is ‘n vals boodskap dat die een of ander kerk, bediening of leier jou moet beskerm. ‘n Man beskerm steeds sy vrou (soos Christus die Liggaam beskerm) en as jy deel is van die Liggaam van Christus, nie ‘n ‘kerkstelsel’ nie, beskerm die Hoof jou. Satan sidder oor die eenheid van die Liggaam. As die Liggaam as ‘n eenheid staan (soos ‘n man en vrou), beskerm Ek, die Hoof van daardie Liggaam, jou. Hoekom aanvaar jy dat die een of ander kerk jou bediening beskerm? Het ‘n kerk meer outoriteit en mag as Ek? Hou op om julle te laat mislei, My kinders. Ek, die Here, is die enigste

ware beskerming. Enige ander beskerming is deel van ‘n Babilonstelsel. Julle moet vir mekaar bid omdat Ek ook vir julle intree by My Vader. Maar een stelsel kan nie ‘n ander stelsel beskerm nie. Moenie op mense vertrou nie, maar alleen op die Here. My kosbare kinders, dis vir sommige van julle moeilik om te verstaan, maar Ek vertel julle die waarheid.”

**“Ek is die weg en die waarheid en die lewe.” (Joh. 14:6)**

“Verwyder die afgode tussen julle en keer terug na My toe, want Ek het julle geskape en net Ek ken jou by die naam en kan jou beskerm. Vra altyd onder alle omstandighede eers wat My wil is. Moenie ander vra wat hulle dink My wil is nie. As jy na My toe kom vir die volle waarheid, dink jy Ek sal die waarheid vir jou wegsteek? Vra My, die Here, om jou te beskerm. Vra My en Ek sal jou antwoord. ’n Mens kan niks vir jou doen nie. ‘n Mens kan jou nie beskerm nie. Draai jou oë weg van mense af na My toe. Net Ek, die Here, kan jou verlos. Mense het dit baie ingewikkeld gemaak deur ‘n stelsel bo-op ‘n ander stelsel te bou. Hierdie stelsel-op-stelsel is net weer Babel wat van voor af opgebou word en dis waar verdeeldheid begin. Roep slegs vir My aan. Vertrou op My en Ek sal jou antwoord.”

Hoofstuk 4

# DIE SKAT IN JOU HART

25 April 2011

“My kind, Ek wil oor liefde praat. Wat is liefde? Dit is iets wat jou baie na aan die hart lê. Wat is die skat in jou hart?”

**“Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.” (Matt. 6:21)**

“Is jy in jou hart op My ingestel? As jy My soek, sal jy My vind. Dit is soos om ‘n skat te soek. As jy dit vind, sal jy die waarde daarvan besef (Matt 13:45-46). Ek kan die skat van jou hart wees. ‘n Mens is ook wat hy dink. Dink jy aan My?”

**“Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.” (Joh. 6:35)**

“Ek ken jou. Ek ken elke deel van jou. Ek het jou laag vir laag in jou moeder se skoot aanmekaargeweef. Jou mure is voortdurend voor My. Ek wil hê dat jy al daardie afgode uit jou hart verwyder en net vir My daar toelaat. Ek is Wysheid, Ek is die Bron van jou lewe, Ek is jou Vriend, Ek is jou ewige Vader, EK IS. Hoekom kruip jy vir My weg? Kom uit die donker na die lig toe. Kom na die Vader toe. Deur My, Jesus Christus, kan jy alles geniet, want Ek is alles. Ek en die Vader is

een.  As jy saam met My feesvier, vier jy saam met die Vader fees.  Die Vader het so ‘n groot liefde en meegevoel vir jou.  Sy liefderyke goedheid duur vir ewig.  Ons het jou geskape om in ‘n verhouding met Ons te staan.  Word een met Ons.  Roep uit na Ons.  Moenie deel wees van hierdie wêreld nie, maar fokus op die dinge daar bo.  Weet jy nie dat Ek jou veel meer kan gee as waarvoor jy ooit kan bid, dink of vra nie?  Ek is die Here.  Ek hou die hele heelal in die palm van My hand.  Erken dat Ek jou Skepper is.  Ek ken jou die beste en Ek weet wat die beste is vir jou lewe.

Ek het die mens met ‘n vrye wil geskape omdat Ek Liefde is.  Jy moet My uit vrye wil liefhê.  Om My lief te hê en te gehoorsaam is die wysste besluit wat jy ooit sal neem.  Ek sal jou lei op die pad van regverdigheid en jy sal vir ewig saam met My feesvier.

Moenie dwaas wees en in jou hart spog nie, want trots was die eerste sonde.  Wie sê jy is Ek?  Ek is die Skepper van die hemel en die aarde en daar is niemand soos Ek nie.  Ek is ‘n jaloerse God en begeer om jou vir Myself te hê.  Vra My om die wysheid daarvan in te sien en Ek sal jou laat sien.  Ek is jou God.  Ek het aan jou lewe gegee om te kyk of jy saam met My sal kan loop.  Kan jy My bo alles liefhê?  ‘n Wyse man sê in sy hart:  die Here is my verlossing, my alles.  ‘n Dwase man dink dat hyself iets is.”

**NEDERIGES EN KINDERLIKES**

"Hoeveel keer verstoot jy My?  Hoekom verstoot jy My?  Ek stuur baie keer die nederiges en kinderlikes van die wêreld.  Maar jy luister nie. Moenie die kinderlikes verag nie.  Hou op om dié wat Ek gestuur het, te verstoot.  As jy met die vlees kyk, sal jy hulle wat Ek stuur nie herken nie.  As jy met die Gees kyk sal jy goeie manne en vroue van My sien.  Hulle, die kinderlikes in die oë van die wêreld, is My ware diensknegte, wat in nederigheid hulle lewe vir My afgelê het.  Ek sal hulle seën en hulle beloning in die Millennium en daarna sal groot wees.

Die Vader ken die hart van elke mens.  Hoe minder jy spog oor wat jy vir die Here doen, as net jy en Hy weet wat jy doen, hoe groter sal jou beloning wees.  Want die Vader sal jou beloon vir wat jy in die waarheid doen.

'n Mens is wat hy in sy hart dink.  Sal jy jou drome, hoop, begeertes en doelwitte vir My aflê?  Sal jy My vertrou om jou veel meer te gee as waarvoor jy kan bid, dink of vra as jy jou aan My onderwerp?  Ek weet wat die beste vir jou is.  Ek ken jou talente en frustrasies.  As Ek nie jou werk seën nie, sal dit betekenisloos wees.

Laat My toe om jou te wys waarvoor Ek jou geroep het.  Laat My toe om jou te wys wat My droom vir jou is.  Ja, Ek droom van jou.  Ja, Ek is die Skepper van alle dinge."

**DROME EN DIE NEGE GAWES VAN DIE GEES**

“Ek praat met jou in nagvisioene.  Ek wil met jou interaksie hê en Ek wil hê jy moet aantekeninge maak.  Skryf neer, My kind, alles wat Ek in ‘n droom vir jou gee en bid dan tot My en vra vir die interpretasie. Jy sal verras wees oor hoe Ek vir jou asemrowende gebeure wys. Neem dit wat Ek in die nag vir jou wys, ernstig op en skryf dit neer, want jy sal dit nie onmiddellik verstaan nie maar mettertyd sal dit in vervulling gaan en jy sal verras wees.

Wil jy My hoor praat?  Ek praat ook in drome.  Moenie dit gering ag nie, want drome kom van My af.  Vra My na die betekenis en Ek sal jou groot dinge leer.  Maar fokus bowenal op My – moenie van drome ‘n afgod maak nie.

Dit geld ook vir die ander gawes wat Ek My kinders gegee het.  Ek praat van die nege gawes van die Gees.  Ek het nege gawes gegee om die Liggaam en jouself op te bou.  Moenie daarvan ‘n afgod maak nie. As jy na My toe draai en My dien, kan jy nie hierdie gawes gebruik nie. Jy kan nie hierdie gawes gebruik om My lief te hê nie.  Jy kan My liefhê deur My te gehoorsaam en My te eet en te drink.  Hoekom behandel jy diegene wat slegs op Christus en die Woord fokus, sleg? Hoekom vra jy waar die gawes van die Gees is? Dit is waar dat, wanneer jy ‘n kind is, jy speelgoed nodig het om jouself te onderrig om in jou lewe te groei.  As jy in Christus groei en volwasse word,  het jy nie hierdie speelgoed nodig om My te eet, te drink, te prys en saam met My te wandel nie.
Diegene wat volwasse is in die lewe in My, sal net vleis eet.  Hulle sal vleis van My eet.  Soos My Gees hulle dan lei, sal hulle die gawes slegs

gebruik as Ek hulle vra om mekaar op te bou. ‘n Goeie riglyn om mekaar op te bou, is om net die ander persoon te laat fokus op My en die Woord. As jy op die gawes fokus, fokus jy op die self en jy sal steeds dors wees. Ek is die Geskenk van die Vader. As jy My eet en drink, sal jy nie honger of dors wees nie.”

# Hoofstuk 5

## MY NEDERIGE DIENSKNEGTE

25 April 2011

“Slegs as jy op die Rots bou, wat Ek, Jesus Christus is, sal jy nie in die eindtyd geskud word nie. Ek gaan alles met vuur toets. Al jou werke en al jou woorde en alles wat Ek ná die vuur staande vind, sal bewaar word.

Hoekom spreek soveel mense, pastore en leiers, hulle eie woorde en leuens in My Naam? Vrees hulle My nie? Weet hulle nie dat Ek elke woord en elke daad wat julle in My Naam spreek en doen neerskryf nie?

Slegs dit wat Ek gevra het om gedoen en gesê te word deur My nederige dienaars, sal bly.

Soveel mense loop op paaie wat verskil van Myne, omdat hulle vertrou en glo in wat mense hulle vertel het. Wanneer gaan My volk, wat My Naam dra, hulleself verootmoedig, My aanroep en My vra vir die waarheid? Ek is die Waarheid. Ek sal jou die waarheid wys as jy My vra wat die waarheid is. Mense kan jou nie die volle waarheid vertel nie, omdat hulle slegs ten dele ken. Maar Ek weet van die begin af wat aan die einde gaan gebeur.

In My Liggaam, My ware Bruid, moet almal funksioneer. Jy kan funksioneer as 'n apostel, profeet, herder, evangelis of leermeester. Hoekom funksioneer net 'n paar mense in die kerk? Ek kan My Gees op enigeen in die Liggaam plaas. Net Ek kan jou kwalifiseer om in My Naam te praat. Net Ek kan jou leer wat om te sê en om namens My te praat. Dink jy Ek gee jou My goedkeuring omdat jy die een of ander kwalifikasie het? Nee, jy het My goedkeuring as jy 'n suiwer, sagte hart het, nederig is en My alleen gehoorsaam.

Julle hou al hierdie groot samekomste in tente en nooi al hierdie groot name – die president van dié en die president van daardie – en dan sê julle dit was so 'n geseënde samekoms. Maar julle het vergeet om My te nooi. Julle het vergeet om My te prys. Julle doen dit tot My eer en vir My, maar julle fokus is op julleself, julle sang, julle woorde, julle lering. My volk, hoe lank gaan dit neem voordat julle besef alles sal tevergeefs en vergete wees as Ek nie 100% in die prentjie is nie?"

## WEES NEDERIG

“Wanneer daardie vuur kom en alles uitbrand en julle staan naak voor My, wat sal julle sê? Ek ken die hart van elke mens.”

**“maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam.” (1 Kor. 1:27)**

“Dink jy as jy ‘n titel soos Doktor, Dominee of Pastoor het, is jy verhewe bo die res van die Liggaam? Bestudeer weer My lewe. Ek het ‘n nederige lewe gely, Ek was ongeleerd en My naam was net Jesus. Jesus is My naam. Geen titel nie. Ek het slegs die woorde van die Vader gespreek. Die Vader het vuur in My mond geplaas. Die Vader het My slegs verhoog en My die Naam bo alle name gegee nadat Ek Sy wil gedoen het aan die kruis en die dood oorwin het.

Word weer soos kinders voor My. Wees nederig en kom na My toe soos ‘n kind na sy vader toe gaan. My liefde en plan vir julle is groter as wat julle deur die vlees probeer bereik. Doen en sê slegs wat julle die Vader hoor sê. Baie dinge wat julle doen, is werke van die vlees en daar sal geen vrugte wees nie. Hou op om My te probeer beïndruk. Hou op om te probeer presteer. Daar is niks wat julle kan doen of sê wat sal maak dat Ek julle meer of minder liefhet nie. My oproep en begeerte is eenvoudig: Bemin My met julle hele hart, verstand en wil. Roep My gedurig aan en gehoorsaam My wanneer Ek julle vra om iets te doen.”

**LIEFDE VIR DIE DAWIDS-KINDERS**

"Die oueres moet plek maak vir die jongeres om op te staan en My Woord te spreek. Ek werk deur nederiges en kinderlikes. As julle nie deur die Gees onderskei dat Ek deur nederiges en kinderlikes spreek nie, sal julle mislei word deur misleidende geeste en julle sal julle harte sluit vir My waarheid. Julle soek vandag nog steeds, ná al die skrifgedeeltes wat Ek julle gegee het, vir die Sauls tussen die mense na wie julle wil opsien. Ek sê vandag vir julle: Ek het baie Dawids (manne en vroue) op aarde en julle het menigmale My Dawids vertrap. Want julle sê 'hy is maar net 'n skaapwagter.' Ek sê vir julle, Ek het My Dawids lief; Ek het hulle harte lief en Ek sal hulle verhoog en hulle sal vir 'n 1 000 jaar saam met My regeer.

Bestudeer weer die Skrif; Ek soek slegs iemand met 'n nederige hart, skoon hande en iemand wat My in alles gehoorsaam. Julle kan die grootste kerk hê, duiwels uitdryf, in My naam profeteer en siekes gesond maak; en julle sal na My toe kom en Ek sal julle wegwys en sê Ek ken julle nie. Ek sal julle nie ken nie, omdat julle nie My stem gehoorsaam en julleself verootmoedig het nie. Al wat julle gedoen het, was om die gawes wat Ek julle gegee het te gebruik om duiwels uit te dryf, te profeteer en siekes gesond te maak. As Ek julle die gawes gegee het, behoort dit aan julle. Selfs al verwerp julle My, kan julle nog steeds daardie gawes gebruik. Sien julle hoekom is dit ware aanbidding as julle slegs op My fokus en My eet en drink? Julle kan My nie liefhê met die gawes wat Ek julle gegee het nie. Die gawes is

om die Liggaam en julleself op te bou. Julle kan My nie opbou met daardie gawes nie.

As julle My eet en drink, sal julle volwasse word in die gees. Dit is baie belangrik. Dit is hier waar julle vleis eet. Is julle ernstig oor My? Julle kan My geniet deur My te eet en te drink. Dit is op hierdie stadium dat Ek jou *vriend* sal noem. Jy kan 'n vriend van God wees, soos Abraham, as julle kan sien dat slegs Ek (Christus) die belangrike faktor is. Alles kom en gaan deur My. Deur My is alle mag en outoriteit. Ek is die Hoofbron van die lewe. Hoekom sou julle van enige ander bron as Ek wou drink?

My volk, My koms is naby. Fokus op My alleen. Begin om My te eet, My Woord te eet, nie deur dit te memoriseer nie maar deur die Woord hardop te spreek en te eet. Julle het nodig om die swaard in julle mond te kry. Julle kan slegs die swaard in julle mond kry deur My woord hardop te lees en die Woord te eet. Julle het nou nodig om vleis te eet. Daar is nie meer tyd om melk te drink of na vals leerstellings te luister nie.

As julle My soek en bowenal op My fokus en My aanroep, sal Ek julle antwoord en verlos en red. Ek kan julle Leermeester wees. Ek het soveel leermeesters aangeraak wat opreg is. Julle moet My vra wie My ware leermeesters is. Nie elkeen wat My Naam verklaar het die waarheid nie. Wees versigtig dat julle nie mislei word nie. Vra My om julle die waarheid te laat onderskei van valsheid en Ek sal julle wys.

As julle My nie die waarheid vra nie, sal julle mislei word en die verkeerde pad kies en My nie hoor as Ek julle waarsku nie.

Kyk na My.  Hou op om mense te volg.  Volg slegs vir My. Ek is die enigste een wat julle die waarheid kan wys.  Wanneer Ek julle die waarheid wys, sal die waarheid julle vrymaak."

## Hoofstuk 6

## MY GELIEFDE BRUID

26 April 2011

"Soos die roos van Saron en die lelie van die veld, soos beskryf in Hooglied, so is My Bruid vir My.  Soos die lelies is julle onder My sorg."

**"Soos 'n lelie tussen die dorings, so is my vriendin onder die dogters".  (Hooglied 2:2)**

"My Bruid, Ek sien jou tussen die dorings. Ek het jou tussen hulle geplant, nie sodat jy verstrengel kan raak nie, maar om met jou te spog".

**"U het my hart gesteel, my susterbruid, u het my hart gesteel met een straal van u oë, met een kettinkie van u**

**halssieraad. Hoe skoon is u liefde, my susterbruid, hoeveel beter is u liefde as wyn en die geur van u salf as al die speserye! Heuningstroop drup van u lippe af, bruid, heuning en melk is onder u tong, en die geur van u klere is soos die geur van die Líbanon. My susterbruid is 'n geslote tuin, 'n geslote bron, 'n verseëlde fontein. U spruite is 'n park van granate met kostelike vrugte, henna-blomme met nardus, nardus en saffraan, kalmoes en kaneel, met allerhande wierookstruike, mirre en alewee, met allerhande kostelike speserye. U is 'n fontein van die tuine, 'n put met lewende water wat van die Líbanon afvloei. Word wakker, noordewind, en kom, suidewind, deurwaai my tuin, laat sy balsemgeure uitvloei! Laat my beminde in sy tuin kom en van sy kostelike vrugte eet." (Hooglied 4: 9-16)**

"My bruid, Ek het jou innig lief. Kom na My toe. Eet en drink My. Ek begeer dat jy intiem met My sal wees. Jy is vir My so kosbaar. Ek wil jou net vir Myself hê. Ek ken jou gedagtes van ver af. Ek ken elke tree wat jy gee. Selfs die hare op jou hoof is getel. Ek het jou lief My Bruid. Ek het jou innig lief My Bruid. Soos 'n bruidegom sy bruid liefhet, so begeer en verlang Ek na jou. Maar baie meer nog."

**NA ONS BEELD**

"Ons het die mens na Ons beeld geskape. Net soos julle mense het Ons ook emosies. Ons het lief. Ons word kwaad. Ons kan jaloers raak. Ons het vreugde. Ons kan hartseer raak, en dies meer. Ons ken

julle seerkry en pyn. As julle harte breek, breek Ons s'n ook. Ons emosies is net baie meer intens. As julle lag, lag Ons saam met julle. Ons ken elke deeltjie van julle reis en avontuur op aarde. Ons loop vele kere saam met julle sonder dat julle dit eers weet. As julle My aanroep, is Ek genooi en sal Ek Myself aan julle openbaar. Daar is net so baie wat julle nie weet nie."

**GEHEIME WORD BEKEND GEMAAK**

"Ek sal net aan jou bekendmaak wat jy in jou hart toelaat om bekend gemaak te word. As jy glo dat net dit wat in My Woord is, waar is, en alles anders onskriftuurlik, sal Ek net aan jou openbaar volgens My Woord. Maar jy sal baie dinge misloop, want baie dinge oor My is nooit neergeskryf nie. Die rede hiervoor is dat Ek daarvan hou om geheime te hê. Ek openbaar slegs hierdie skatte aan die mense wat My Naam aanroep en meer van My begeer. Daar is baie, baie, baie dinge wat julle mense nie weet nie."

**"Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie."**
**(Jer. 33:3)**

"Ek ken ook die harte van mense. Mense hou van geheime, om ontdekkings te doen en iets te weet wat geheim is. Om te weet dat jy iets van groot waarde ontdek het, gee 'n gevoel van waarde aan 'n mens. Dit is waarom daar so baie geheime is. Ek hou daarvan om

hulle wat My Naam aanroep en in stilte op My wag, te verras en te seën.

Daar is baie geheime omtrent die Millennium wat Ek wil bekendmaak. Daar is nie baie geskryf oor die Millennium nie. Wonder jy nie hoe en waar die Millennium gaan wees nie? Die Millennium sal wees vir 1 000 jaar nadat Ek teruggekom en Satan gebind het. Dan sal Ek My koninkryk op aarde vestig. Net My kinders, My seuns en My erfgename sal lewe. Nie almal sal saam met My heers en regeer nie. Die oorwinaars sal. Hulle wat die agteruitgang van die kerk oorwin, sal oorwinaars genoem word. Hulle wat saam met My wandel en wat aan My gehoorsaam was en My Naam aangeroep het en oorwin het sal heers en regeer. As jy die mens, leiers, pastore of 'n kerk bo My kies, gaan jy 'n verrassing kry. My heersers en regeerders sal My help om die nasies te dien.

My Dawids-kinders, diegene wie se harte net aan My behoort, wat die stelsel oorwin het, sal waardig geag word om met 'n ysterstaf te heers en regeer. (Open. 2:26-27)

Jou lewensverhaal word geskryf terwyl jy lewe. Wat jy voor die Vader bely, word uitgewis, want Ons vergewe as jy bely en Ons onthou dit nie meer nie. Andere sal die res van jou lewensverhaal kan lees. Jy sal die lewensverhale kan lees van diegene wat sal heers en regeer en jy sal kan sien waarom hulle gekies is om te heers en te regeer. Jy sal sien dat Ek regverdig is en geregtigheid het."

**WIL JY MET MY TROU?**

"Ek kyk net na die hart. Ek betoon My genade en barmhartigheid aan die wat My waarlik liefhet. Daar is net soveel van My wat jy nie ondersoek nie. My Bruid, jy staan op die punt om met My te trou, maar jy besef dit nie. Vra My, en Ek sal jou die begeerte gee om na My te verlang, My te gehoorsaam en My lief te hê. Vra My net. Daar is diegene wat geskryf het oor hoe Ek met hulle gedans het; hoe hulle werklik ervaar het dat Ek met hulle dans; hoe hulle soos die bruid gevoel het. Dit is alles waar. Hulle hét met My gedans.

Ek het jou lief, My geliefde. Ek wil jou in My arms hou en jou liefhê, met jou dans en saam met jou lag. Dit staan op die punt om te gebeur. Dit gaan 'n wonderlike fees wees. Ons bruilofsfees. Die Vader is reeds so opgewonde oor daardie dag. Dit is so 'n belangrike dag op die Vader se kalender. Die vlekkelose Bruid vir My. Daar sal geen beperking wees nie, want elke besonderheid is oorweeg en geïmplementeer. My Bruid, jou naam staan reeds op jou sitplek aan die tafel.

My Bruid, as jy in jou hart verlang om deel van My Bruid te wees, dan is jy deel van My Bruid. Vra My om jou voor te berei om as die Bruid geneem te word. Vra My om jou deur My Gees te help om My wil vir jou te ken. Ons kan jou net deur My Gees voorberei. Volg dan die leiding van My Gees. Dan sal jy in My arms in gelei word. Ek sal dan 'n vuur in jou hart aansteek sodat jy sal weet jy is My Bruid. Vra My,

en Ek sal jou die pad aanwys. Roep My Naam aan en Ek sal jou uit die hemel antwoord. Ons tel die dae af na hierdie bruilofsfees."

# Hoofstuk 7

## MY WYSE MAAGDE

27 April 2011

"Staan op My Bruid, ontwaak uit jou slaap. Jy slaap al te lank en besef nie hoe laat dit is nie. Ek gaan 'n dringendheid in jou wakker maak."

**"Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet. En vyf van hulle was verstandig en vyf dwaas. En toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie. Maar die verstandiges het olie in hulle kanne saam met hul lampe geneem. En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak. En middernag was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet! Toe staan al daardie maagde op en maak hulle lampe gereed. En die wat dwaas was, sê aan die verstandiges: Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan uit. Maar die verstandiges antwoord en sê: Miskien sal**

**daar nie genoeg wees vir ons en vir julle nie. Maar gaan liewer na die verkopers en koop vir julleself. En onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom. En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit. Later kom toe die ander maagde ook en sê: Meneer, meneer, maak vir ons oop! Maar hy antwoord en sê: Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie. Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie." (Matt. 25: 1-13)**

"Moenie dwaas wees oor die tyd waarin jy is nie".

**"Geveinsdes, julle weet wel om die voorkoms van die lug te onderskei, en kan julle nie die tekens van die tye onderskei nie?" (Matt. 16:3)**

"My koms is voor die deur. Daar is net 'n paar dinge wat in plek moet kom; dan kom Ek die Bruid wegraap. Slegs as jy nie deel is van Babilon nie en gevul is met olie, sal jy saam met My weggeraap word. Jy kry net die olie deur My Woord te eet, die swaard in jou mond te kry en op My te wag. Jy kry die swaard in jou mond deur My Woord te kou en dit hardop uit te spreek. Nie deur dit te memoriseer nie, maar deur dit te praat. Dit is hoe jy die swaard in jou mond kry. Ek kan net dié gebruik wat die swaard in hulle mond het, want hulle sal terugkom en die laaste slag van Armageddon saam met My veg. Ons sal veg met 'n swaard in ons monde."

**"En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige." (Open. 19:15)**

"Dis noodsaaklik dat jy elke dag oefen om My Woord te eet, deur My te eet. Jy moet opstaan en wakker word, want Ek het 'n Krygerbruid nodig met swaarde in hulle monde. Dit is ook noodsaaklik dat jy op My moet wag. Hierdie wag op My is om in stilte voor My te sit en net My teenwoordigheid te geniet. Dit is 'n wonderlike riglyn. As jy in stilte voor Ons wag, sal Ons jou met olie voorberei vir die tye wat op die aarde aan't kom is."

**DIE WEGRAPING**

"Dit is waarom dit noodsaaklik is dat jy My moet vra om jou voor te berei vir die wegraping. Sommige leringe en doktrines maak My mense louwarm deur te sê dat jy net met die Gees vervul en met water gedoop hoef te wees, dan sal jy weggeraap word. Dit is nie waar nie. Dit is 'n valse leerstelling. Dit is goed om met die Gees en water gedoop te wees, maar dis noodsaaklik dat jy die swaard en olie sal hê, wat beteken om My te eet, te drink en daagliks op My te wag sodat Ek jou met olie kan vul en kan salf vir die eindtyd.

Vra My om jou voor te berei vir hierdie eindtyd, en wees dan gehoorsaam terwyl Ek jou lei om hierdie swaard te kry. Die wegraping sal halfpad deur die beproewinge en swaarkry wees. (Open. 12).

Daarom moet jy verduur wat reeds op daardie stadium op die aarde aan die gebeur is. Ek moet jou voorberei vir hierdie dinge.
Vra My vir die Gees van Wysheid en Kennis van My. Vra My vir onderskeidingsvermoë en die waarheid. Jy sal dinge sien wat jy nog nooit vantevore gesien het nie. Dinge wat op die aarde sal gebeur. Jy het reeds ‘n deeltjie daarvan gesien aan die begin van hierdie jaar – 2011. Daar is baie dinge wat gaan gebeur wat jy moet verduur voordat Ek jou in die middel van dit alles kan wegraap. Neem kennis dat julle die bevoorregte geslag is wat My boek Openbaring reg voor julle oë sal sien afspeel.

Hoe wonderlik, wat ‘n voorreg, My Bruid! Ek wil jou voorberei vir hierdie wegraping. Maar jy moet aan My gehoorsaam wees. Luister as Ek praat. Kom haal die waarheid by My. As jy na mense luister, gaan jy mislei word. Mense behoort te kom bevestig wat jy alreeds by My gehoor het. As jy net na mense luister en nie na My nie, hoe kan jy seker wees dat wat jy hoor en glo die waarheid is? Verwyder die afgode uit jou lewe, dan sal jy kan onderskei wanneer Ek met jou praat. Jy kan nie ander mense oordeel oor wat hulle beweer hulle by My gehoor het, tensy jy self van My hoor om daardie woord te aanvaar of te verwerp nie. Hoeveel keer oordeel jy mense of My profete volgens jou interpretasie van wat My Woord sê? Hoeveel keer oordeel jy verkeerd? Die letter kan doodmaak, maar die Gees bring lewe. As jy nie My stem kan hoor nie is jy nie gekwalifiseer om ‘n oordeel oor iemand uit te spreek nie. As jy My hoor, sal jy My hart ken en in staat wees om ‘n regverdige oordeel te vel, omdat jy My ken en dus My Woord korrek interpreteer.

In hierdie tyd voor die wegraping, sal baie mense mislei word. As jy nie My stem kan hoor nie, sal jy mislei word. Dit is hoekom dit so belangrik is om jouself te verootmoedig, die afgode uit jou lewe te verwyder, My aan te roep, na My te kyk en gehoorsaam te wees.

Dan sal jou ore geopen word en jy sal My hoor. Baie is geroep, maar min is uitverkies. Ek het baie geroep om weggeraap te word. Ek het baie geroep om uit Babilon te kom. Maar nie baie het geluister nie. Ek het net 'n paar uitverkies. My volk daar is nog tyd. As jy My vra om deel te wees van die Bruid, om deel te wees van die wegraping en jy luister wat My Gees vir jou sê en jy is gehoorsaam aan My opdragte, sal jy My Bruid wees en weggeraap word. Weet jy watter beloning sal dit wees? Jy sal vir ewig as My Bruid bekend wees en dit sal vir ewig bekend wees dat jy weggeraap is. Is dit jou hartsbegeerte? Vra My en Ek sal jou hartsbegeerte toestaan."

**KOM UIT BABILON UIT**

"My Bruid, jy moet uit Babilon uitkom. Vra My en Ek sal jou oë oopmaak vir die stelsel wat jy as godsdiens ken. Jy het nodig om te sien wat Ek sien, want jy verstaan nie dat die fondasie nie op die Rots gebou is nie. Die fondasie moet net gebou wees op wat die apostels gelê het, wat Ek is. (1 Kor. 3)"

**"... Gaan uit haar uit, My volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie." (Open. 18:4)**

"Vra My en Ek sal jou die waarheid wys.  Moenie ontsteld wees nie, wees sterk en vol moed.  Ek sal jou die weg wys, want jou eindbestemming sal in My wees.  Dit sal net 'n kort rukkie wees, dan kom Ek jou haal.  Ek wil die deur van die absolute waarheid vir jou oopmaak.  Sal jy My toelaat om jou die absolute waarheid te wys?  Dit mag dalk pynlik wees in die begin, maar die waarheid sal jou vrymaak en jy sal verstaan dat Ek Jehovah, jou Redder is, wat jou uit die huis van gebondenheid bevry het.  Roep My Naam aan en vra My die waarheid oor die wegraping, oor die eindtyd, oor Babilon.  Ek sal jou die waarheid wys en openbaar.  Ek is vir jou, nie teen jou nie."

## Hoofstuk 8

## DIT IS "ONS DING"

28 April 2011

Terwyl ek op die Here gewag het, het die volgende lied in my gedagtes opgekom:  *"In die hemel is die Heer en sy glans is soos kristal.  Hy's die Heilige van God en Hy heers oor die heelal.  Daar is mag in Sy woord!  Soos die waters druis Sy stem.  Soos die son op die see se blou, so die rykdom van Sy trou…."*

Gister het die Here my ‘n reënboog gewys op Melkbosstrand. Hierdie verband tussen die Here en en ‘n reënboog kom van Januarie 2005 af, toe ek wolke in die lug gesien het en vir die Here gesê het dit sou heerlik wees om ‘n reënboog te sien. Daar het skielik, presies op daardie plek ‘n reënboog in die wolke verskyn. Ek was so opgewonde soos ‘n kind. In Oktober 2009 het ek aan die insident gedink en reg voor my in die wolke het daar weer ‘n reënboog verskyn. Van toe af gee die Here elke keer ‘n reënboog wanneer ek aan ‘n reënboog dink. Toe het die Here vir my gesê: “Dis ons ding.” Ek was baie geseënd daardeur.

**DIE VADER GENIET DIT OM JOU TE VERRAS**

Die Here het vir my gesê: “Die reënboog op die strand was vir jou, My kind. Ek het jou verras né?”

“Ja Here, dit was wonderlik!” was my antwoord.

“Dit is inderdaad ‘*ons ding*’! Die My-en-jou-ding. Hoe geniet Ek dit om jou gesig te sien elke keer as jy ‘n reënboog sien wat Ek vir jou gee. Jou gesig verhelder soos dié van ‘n verwonderde kind!

Die Vader vind vreugde in jou. Hy geniet dit om jou te verras. Hy gaan jou nog baie verras. Jy is Sy oogappel. Soos verduidelik, as jy vyf kinders het, het jy hulle almal ewe lief. Jy het elke kind van jou lief. Maar dan is daar een kind wat jou gehoorsaam, jou eer, respekteer en jou behoeftes raaksien. Jy het daardie kind lief met ‘n

spesiale liefde en jy sal daardie kind voortrek, soos Jakob vir Josef. ’n Witbroodjie.

Ek het al My kinders lief. Daar is niks wat jy kan doen om te veroorsaak dat Ek jou meer of minder liefhet nie. Maar as jy My liefhet, My gehoorsaam en jou wil volgens My wil rig, sal Ek jou liefhê met ‘n spesiale liefde. Ek sal jou guns gee en Ek sal jou verhoog en jou saam met My in hoë plekke laat sit. Omdat Ek jou eerste prioriteit is. Jou fokus is op My. Jou liefde is vir My. As jy My bo alles in jou lewe liefhet, as jy bereid is om jou drome en begeertes prys te gee en jou liefde op My te fokus, sal Ek jou verhef en jou die kop maak, nie die stert nie. Jy sal weet dat Ek jou God is en dat jy My kind is. Jy sal My teenwoordigheid aanvoel en My soek. Hou aan om My te soek.”

**WANDEL IN DIE TUIN**

Ek wag baie keer teen sononder op die Here in my tuin. Die Here het vir my gesê:
“Ek hou daarvan as jy in jou tuin, in die natuur, op My wag. Het jy dit geweet My kind?”

“Ek glo so Here,” het ek geantwoord.

“Ons is versot daarop! Soos in Genesis geskrywe is toe Ek saam met Adam in die tuin gewandel het, net so hou Ek daarvan om saam met jou in jou tuin te wandel. Jy kan dit nie sien nie, maar terwyl jy op My wag in jou tuin en My liefhet, word skares engele getrek na die plek

toe waar jy My liefhet. Want My hart brand soos ‘n kool vuur wanneer jy My hart aanraak deur My soos ‘n kind lief te hê. Die Engele word getrek deurdat My hart aangeraak word. My kind, Ek sal jou oë ten volle oopmaak sodat jy hulle in al hulle glorie sal kan sien. Hulle beskerm jou en dien jou omdat Ek hulle die opdrag gee en omdat hulle My liefhet asook dit wat Ek liefhet.

My kind, Ek het jou oë oopgemaak sodat jy hulle gedeeltelik kan sien, en Ek sien hoe jy die geskenk wat Ek jou gegee het, koester en waardeer.”

**BESKERMENDE EN DIENENDE ENGELE**

“Ek weet dat baie van My kinders My beskermende en dienende engele wil sien. Sê vir My kinders, diegene wat my diensknegte wil sien werk, moet vir My sê van hulle begeerte. Ek sal hulle oë aanraak en die sluier van hulle oë verwyder om My engele te sien. Maar wees gewaarsku – net Ek gee bevele aan en praat met My engele. Julle mag nie met hulle praat of opdragte gee nie. Hulle werk onder My beheer. As julle met hulle probeer interaktief wees, kan julle mislei word, want Satan kan na julle toe kom as ‘n engel van die lig.

Daarom My kinders, wees wys met wat julle van My vra. As julle iets van My vra, vra ook vir wysheid om dit wat julle vra, te kan hanteer. As Ek julle oë open om My engeleskares te sien, sal dit ‘n gawe wees, om te sien hoe hulle My liefhet en dien. As julle My vra vir hulp of

beskerming, sal Ek aan hulle opdrag gee. Hulle voer slegs opdragte uit wat Ek gee. Wees daarom wys in wat julle van My vra.

Daar is oorvloed in die geestelike dimensie wat baie van My kinders nie kan sien nie. Dit is net soos jy altyd vir ander vertel. Daar is ‘n ewige verlede, huidige tyd op aarde en ‘n ewige toekoms. Jy kan dit sien as om in die matriks te wees op aarde. Slegs as Ek jou ontkoppel van die aarde, die stelsel, sal jy ‘n baie groter perspektief kry op alles, omdat jy My soek. Hoe meer jy My soek, hoe beter sal jy My ewige plan kan sien.

Wil jy, soos Ek, dinge uit ‘n voëlvlug-perspektief sien? As jy My soek, sal jy daardie geheime vind. Daardie geheime sal jou sienswyse verbreed. Hoe meer jy My soek, hoe breër sal jou sienswyse wees. Jou perspektief sal vergroot en jy sal sien dat die lewe op aarde, alhoewel baie belangrik vir jou vorming en ewige doel, slegs ‘n spikkeltjie in die kosmos is. Hierdie spikkeltjie is baie belangrik vir My. Selfs die kleinste aspek moet in plek val om die groter prentjie te voltooi.”

**TYD BESTAAN NET OP DIE AARDE**

“Hoekom stry julle en wonder of iemand My al in die hemel gesien het; oor ander mense vir wie Ek die hemel gewys het, of dinge gewys het wat nog gaan gebeur? My gedagtes is verhewe bo julle gedagtes. As die aardse lewe net volgens tyd verloop en Ek wil julle iets oor die ewige verlede of die ewige toekoms wys, het tyd geen plek nie. Daar is

geen tyd in My sfeer nie. Daar is net een horlosie en dit is op die aarde. Dit is hoe Ek julle dinge in die toekoms kan wys, soos om julleself in die hemel te sien, want Ek kan julle in ‘n oogwink enigiets in die verlede of die toekoms wys, want Ek ken die einde van die begin af.”

**HEMEL OF NIE?**

“Hoekom stry mense en wonder of daar ‘n hemel is? Ja, dit is waar dat ons ná My wederkoms vir ‘n 1 000 jaar op die aarde gaan bly sodat Ek My koninkryk op aarde kan vestig, maar My Vader sal nog steeds in die hemel wees. Hemel is die geestelike sfeer waar My Vader en Ek en die skares engele bly. Julle weet nie van al Ons geheime planne en verrassings wat Ons vir Ons kinders het nie. Hou op om onenig te wees oor óf daar ‘n hemel is of nie. Daar is ‘n hemel. Ek en die Vader bly daar.

Alles sal openbaar gemaak word oor die volheid van My genade, planne en julle ewige toekoms. Die Bruidegom kan nie vir die Bruid vertel waar en wat die wittebroodsgeskenk sal wees nie. Dit is ‘n verrassing! My Bruid, wat Ek vir jou voorberei sal so ‘n groot verrassing wees! Hierdie geheim sal toegesluit bly tot die dag van die bruilofsfees.

My geliefde Bruid, bemin My en fokus op My. Praat met mekaar net oor My. Bewys julle liefde vir My tussen julle. Word een in die Liggaam. Tensy Ek aan julle ‘n geheim openbaar of ‘n openbaring oor

My gee, moet julle nie stry oor dinge wat julle oor My of die hemel hoor nie. Julle het nodig om van My te hoor en openbaring van My te ontvang om My werke te verstaan. Daar is baie dinge wat julle nie verstaan nie. Vra My vir wysheid en openbaring, en Ek sal julle die waarheid wys. Fokus op My en word een in Liggaam.
Alles sal binnekort bekendgemaak word. Soek My net, bemin My, gehoorsaam My en Ek sal jou rus en voldoening in My gee. Ek het jou innig lief, My Bruid. Ek begeer dat jy My sal geniet deur My te eet en te drink. Slegs Ek kan jou dors les. Ek is die Boom van die Lewe van begin tot die einde. Ek is ook die Rivier van die Lewe van begin tot die einde. Maak My jou enigste Boom en Rivier van Lewe!"

## Hoofstuk 9

# SOOS IN DIE TYD VAN NOAG

29 April 2011

"My Gees is soos mis, soos die wind. Jy weet nie waar dit begin of eindig of waarheen dit gaan waai nie. So is My planne en gedagtes, verhewe bo jou planne en gedagtes. My geliefde, weet jy nie dat My gedagtes en planne goed sal wees vir jou en jou 'n doel en hoop sal gee nie? Moenie bang wees vir My koms nie. Moenie bang wees vir wat op die aarde gaan gebeur nie. Soos in die tyd van Noag sal die tekens en My koms wees. Mense sal eet en drink en in die huwelik tree.

My geliefde, as jy saam met My loop, My vertrou, My gehoorsaam, sal Ek jou beskerm te midde van alles wat reeds op die aarde aan die gebeur is. Moenie vrees nie. Want Ek is met jou. Wees sterk, wees vol moed. Hierdie laaste geslag sal al die profesieë in vervulling sien gaan. Alles sal baie vinnig gebeur. Moenie planne maak rondom jou drome, doelwitte en ambisies nie. Dit sal tevergeefs wees. Kom na My toe en vra na My volmaakte wil en jy sal in My vrede en planne vir jou wees.

Dis nou die tyd om te luister as Ek praat. As Ek sê jy moet links draai, moet jy links draai. As Ek sê jy moet regs draai, moet jy regs draai. My skape kan My hoor. Verwyder die afgode uit julle lewens en julle harte, dan sal julle My stem kan onderskei. Hardloop in My arms in, dan sal julle beskut word deur My waarheid. My geliefde, moenie wonder oor dinge wat deel van hierdie wêreld is nie. Kom na My vir die waarheid oor My ewige raadsplan."

**WORD WAKKER, MY BRUID**

"Die tyd vir My koms en die dinge wat op die aarde gaan gebeur is so kort. Jy moet saam met My loop en baie naby aan My loop. Hoe, vra jy? Hoe loop ek naby aan die Here? Ek sal jou uit die hemele antwoord as jy My Naam aanroep en stil sit in My teenwoordigheid en op My wag. Dan kan Ek met jou praat.

My volk, dit is noodsaaklik dat julle My voorbeeld sal volg. Laat Ek julle Leier wees. Julle moet My hoor wanneer Ek julle rigting gaan

gee, want julle moet in pas met My bly. Ek gaan nog een keer die aarde skud. Nog een keer gaan ek die horing blaas sodat My volk uit hulle slaap kan wakker word. Word wakker My Bruid, want jou Heer staan voor die deur!

Ek loop teen ‘n berg uit. Diegene wat My volg en na My luister sal die bergpad volg. Julle het nodig om My te hoor en te gehoorsaam en digby My te loop om in pas te bly, want die pad teen die berg op kan smal en gevaarlik raak. Jy moet My volg teen die berg uit. Die pad teen die berg uit is nie reguit nie, maar dis ‘n kronkelpad. Net as jy op My fokus, sal jy die kruin van die berg bereik. Daar is geen ander manier om teen die berg uit te kom as om My tree-vir-tree te volg terwyl jy luister as Ek praat nie.”

**MY WARE PROFETE**

“Gee jou oor My Bruid, gee al jou opinies en inligting wat jy van My en die eindtye weet, oor. Ek het baie profete gestuur om jou te waarsku oor wat op die aarde gaan gebeur. Diegene wat My gevra het vir die waarheid, openbaring en onderskeiding, vir hulle het Ek die waarheid gewys en profete na hulle toe gestuur. Diegene wat na My ware profete geluister het en by My die waarheid kom toets het, het ontsag vir My in hulle harte ontvang. Diegene wat na My ware profete luister sal Ek seën en meer geheime aan hulle openbaar. Hulle wat na My ware profete luister en net hulle woorde verwerp omdat hulle My nie vra of die profete die waarheid praat nie, sal nie meer waarskuwings ontvang nie. Hulle sal net die dinge sien wanneer dit gebeur. Maar as

hulle na My toe kom en bely dat hulle My saam met daardie profete verwerp het, sal Ek hulle antwoord en hulle ore weer oopmaak. Moenie enige profeet oordeel tensy julle van My hoor nie. Hoe weet jy of hierdie profeet waar of vals is? As julle My ware profete verwerp, verwerp julle My. Daardie profete wat oor My koms praat en julle waarsku om voorbereid te wees omdat die Here gou sal kom, is My ware profete. Die profete wat net mense seën, en jou laat terugval in jou gemaksone, wat nie oor vrees vir My en My koms praat nie, hulle is vals.

Ek wek die valse profete op. Ek sal vals profete stuur na diegene toe wat afgode in hulle harte het. Dit is hoekom julle die afgode uit julle lewens en harte moet verwyder. Dan sal julle My ware profete sien, want hulle sal altyd na My toe wys. Hulle harte brand vir My. Hulle sal julle rigting gee, deur na My toe te wys. Dit gaan nie oor hulleself nie. Ek het My profete lief. Wat julle ook al aan hulle doen, doen julle aan My. Los hulle uit! Hou op om hulle te oordeel. Julle sal kan onderskei wie My ware profete is as julle My vra vir onderskeidingsvermoë. As julle 'n ware profeet raakloop, luister na hom. Ek is jaloers op My profete. Hulle is deur God self aangeraak. Want die Vader is jaloers op Sy profete. Die ware profeet het My lief en sal My liefhê tot die dood toe. My profete is ook die nederiges en kinderlikes. Moenie hulle woorde minag nie. As Ek 'n profeet na julle toe stuur, luister na My profeet. Ek stuur hulle omdat julle My nie onderskei nie en Ek stuur 'n waarskuwingswoord om julle terug te lei na My toe. Hulle het nie gekies om profete te wees nie. Die Vader het hulle gekies. Hulle het 'n prys betaal om saam met My te loop."

**“Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het. Wie ‘n profeet ontvang omdat hy ‘n profeet is, sal die loon van ‘n profeet ontvang; en wie ‘n regverdige ontvang omdat hy ‘n regverdige is, sal die loon van ‘n regverdige ontvang. En elkeen wat een van hierdie kleintjies net ‘n beker koue water laat drink, omdat hy ‘n dissipel is, voorwaar Ek sê vir julle, hy sal sy loon sekerlik nie verloor nie.” (Matt. 10:40-42)**

## Hoofstuk 10

# VERGIFNIS

30 April 2011

“Ek sal nooit ‘n geknakte riet breek nie. My kind, baie van My kinders het wonde wat hulle in hulle harte dra. Baie is deur ander mense veroorsaak deurdat hulle onsensitief is teenoor mekaar. As iemand aan jou ‘n onreg gedoen het, moet jy hom vergewe sodat jy kan losbreek van die seer wat jou en daardie persoon bind. Al maak dit seer, sê vir My dat jy daardie persoon wil vergewe. Elke keer as jy vergewe, genees die gewonde area laag vir laag. Wanneer jy aan daardie persoon dink, vergewe hom weer – 70 maal 7 keer, sê Ek. Dan sal Ek die wonde van daardie besering heelmaak. Daar is ook pyle van die vyand wat kan wond. Ek sal die wonde van die vyand

heelmaak. As jy My Naam aanroep sal Ek jou verlos. My volk, as julle mekaar vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Dit, My volk, is 'n basiese beginsel. Hoe gouer jy iemand vergewe vir daardie oortreding, hoe gouer begin jou genesing.

As jy onvergifnis toelaat om te groei, word die wortel bitter. As bitterheid in jou groei, kan jy My nie geniet of hoor of onderskei nie. Bitterheid is ook die oorsaak van baie siektes wat tans op die aarde is. As jy reeds bitterheid het, vra My om dit te verwyder. Bely dat jy toegelaat het dat daardie bitterheid of die oortreding wat iemand teen jou begaan het, in jou gegroei het, dan sal Ek jou genees. Verwyder alle bitterheid en onvergifnis in jou hart. Vergewe! My volk, vergewe mekaar!"

**LAAT GAAN EN LAAT GOD**

"Laat dit gaan, sodat Ek God kan wees. Laat vaar situasies wat jy wil beredder. Laat gaan dié vir wie jy bid dat Ek hulle moet genees. Jy vra My vir 'n deurbraak in jou kind of geliefde se lewe. Jy vra My om hulle te red en gesond te maak. Dit is goed so, My kinders. Maar gee hulle vir My nadat jy vir hulle gebid het. Moenie meer aan hulle vashou nie. Ek kan niks doen as jy tussen My en daardie geliefde staan nie. Gee hulle net vir My om uit te sorteer en elke keer as jy aan daardie geliefde dink sê jy net vir My dankie vir wat Ek gaan doen. Prys My net, want Ek is God.

Ek ken ook die einde van die begin af. Moenie daardie geliefde terugneem elke keer as jy aan hom dink nie. As jy ‘n geliefde vir My gegee het, of enige situasie wat Ek moet opklaar of beheer oor neem, kan jy weet dat dit in goeie hande is. Vertrou My dan net. Moenie daardie las op jou neem nie. Draai jou fokus terug na My toe en geniet My deur My te eet en te drink. Hou op bekommer, ook jou geliefdes wat jy vir My gegee het. Ek sal met hulle werk, want hulle kan slegs deur My Gees verander word.”

**WEES INTIEM MET MY**

“My volk, Ek wil hê jy moet luister wanneer Ek met jou praat. Is Ek jou eerste liefde? Is Ek meer belangrik as jou man, jou vrou, jou kind, jou ouers, jou werk, jou huis, jou geld? Het jy My bo alles lief? Sal jy saam met My loop, selfs al bot die vyeboom nie? Kan jy daagliks voor My staan en sê: ‘Ek het U lief Here, ek het U lief Abba Vader’?

Het jy liefde in jou hart vir My? Jy sal My kan liefhê, omdat Ek jou eerste liefgehad het. As jy nie kan sê dat jy My liefhet nie, moet jy My vra om jou die afgod in jou hart te wys. My Bruid sal My bo alles liefhê. ‘n Bruid sal haar bruidegom liefhê, eer en respekteer. Het jy My lief, eer en respekteer jy My? Is Ek jou eerste liefde? Jy kan daardie liefde en prag met My ervaar. Wil jy op My verlief raak? Soek My aangesig daagliks, roep na My. Soek na intimiteit met My deur in stilte op My te wag. Verlang na My. Gee oor aan My. Vra My om jou hart en mond aan te raak sodat ons liefde met mekaar sal praat. O My Bruid, hoe verlang Ek daarna om intiem met jou te verkeer. Hoe

verlang Ek daarna dat jy My sal aanroep. Dan sal Ek jou aanraak. Ek wil jou die hof maak voor die bruilofsfees. Ek begeer dat jy al nader na My toe sal kom. My hart verlang dat jy sal uitreik na My toe en sal sien dat Ek so naby jou is."

**EK HET JOU LIEF**

"Wil jy My herken? Ek is nie so ver as wat jy dink nie. Ek is binne jou. O My Bruid, hoe verlang Ek dat jy sal weet Ek het jou lief! Ek het jou lief My Bruid! Ek het jou so lief! My hart swel van liefde vir jou. Wil jy My liefde vir jou voel? Vra My om jou My hart te wys. Ek sal jou My hart wys en jy sal aangeraak wees. Ek sal jou hart met My hart omsluit. O My Bruid, hoe gretig wag Ek vir jou om nader te kom. Begeer meer van My en Ek sal jou meer gee. Ek kan net gee wat jy My toelaat om te gee.

Wees ontvanklik vir My lering en My woorde, My volk. Daar is baie dinge wat Ek julle aangaande My wil leer. Sal julle My toelaat om julle meer te wys? Wil julle meer van My verstaan? Maak dan julle harte oop vir My, want ek soek vir 'n nederige, suiwer hart. Laat Ek die Here van julle lewe wees. Plaas My in beheer, dan sal Ek julle lei op die pad van geregtigheid. Wanneer Ek van voor af lei, sal julle die hoof wees, nie die stert nie, en die vyand sal van julle af wegvlug, omdat julle My julle skild gemaak het op wie julle vertrou. Vertrou slegs op My, want Ek is die God van deurbraak en Ek is jaloers op jou liefde. Bemin My bo alles in jou lewe, dan sal jou beloning groot wees. Ek is die enigste God en daar is niemand soos Ek nie. Ek berei My

Bruid voor vir die bruilofsfees.  Wees gereed My Bruid, want Ek kom gou!"

# Hoofstuk 11

## EK IS

1 Mei 2011

"Ek is die God van Abraham, Isak en Jakob.  Daar is niemand soos Ek nie.  Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde.  EK IS.  En Ek het jou lief!

Verstaan jy dat Ek Myself klein genoeg maak sodat jy My kan verstaan?  Wanneer jy saam met My loop, moet jy nederig wees.  Ek kan jou slegs dien wanneer Ek in nederigheid wandel.  Kyk na My, want Ek sal daagliks die weg aanwys as jy My aanroep.  Bemin My bo alles.  Ek moet jou eerste liefde wees, want as jy My bo alles liefhet, weet Ek dat jy waardig is om 'n kroon te ontvang, omdat jy jou lewe vir My afgelê het.  As jy gewillig is om jou lewe te verloor, sal Ek lewe gee.  Maar as jy jou lewe liefhet, sal jy dit verloor.

Daar is niemand bo My nie.  Enigiets anders wat jy bo My dien of begeer is 'n afgod.  Enigiets waarop jy meer tyd spandeer is 'n afgod.  Alles wat jy het, kom van My af.  Kom volg My daagliks."

**BEDIEN WORD EN DIENSBAAR WEES.**

"Jy het nodig om My oral waar Ek jou plaas, te dien en te geniet. Om vir My te werk beteken nie om jou werk en tuisdorp te verlaat en iewers heen te reis nie. As Ek jou iewers heen wil stuur sal Ek spesifiek en openlik met jou daaroor praat. My mense het oral poste. Ek het nodig dat jy alle mense dien in die pos waarin Ek jou geplaas het.

Wanneer Ek jou dien, kan jy ander dien. As jy iemand aanraak met My liefde, sal daardie persoon daardie aanraking in sy lewe dra en ook ander aanraak. Wat jy ook al in My naam doen en wat My Gees jou lei om te doen en te sê, sal vrugte dra. Baie van die vrugte sal jy nie nou sien nie, want jy moet nederig bly. Eendag sal jy die oorvloed van jou vrugte en die werk wat jy gedoen het sien, as jy dit in gehoorsaamheid aan My gedoen het."

**GEHOORSAAMHEID**

"My kinders, gehoorsaamheid aan My is uiters belangrik. As jy luister en gehoorsaam is, sal Ek jou lei op 'n pad van geregtigheid en oomblik vir oomblik sal jy in pas met My wees. Dit sal vir jou 'n vreugde wees om My te dien, want jy sal deur die Gees gelei word. As jy gehoorsaam is, sal jy nie die verkeerde keuses maak en val nie. Met verkeerde en onwyse keuses is daar gevolge, want sonde bring net

dood en verwoesting. As jy terugdraai na My toe en jou ongehoorsaamheid en opstandigheid bely, sal Ek saam met jou deur jou gevolge werk. Ek sal daardie gevolge ten goede gebruik. In daardie gevolge sal dit voel asof jy in die wildernis is. Maar Ek sal met jou wees. Ek sal jou lei en beskerm. Leer by die Israeliete terwyl hulle deur die woestyn getrek het. Wanneer Ek jou ‘n land van melk en heuning belowe of belowe dat Ek vir jou sal voorsien en jou sal versorg, sal Ek My belofte hou. Moenie oordeel volgens wat jou oë sien nie. Moenie teen My opstandig raak nie. Leer van die voorbeeld van die Israeliete. Net diegene wat My gevrees het en gehoorsaam was, het die beloofde land ingegaan.

Vertrou en verstaan dat Ek weet wat die beste vir jou is. Jy kan slegs gedeeltelik sien, en nie die volledige prentjie nie. Ek is gedurig besig om te pluk, te vernietig en te plant in julle lewens. Ek is altyd betrokke in jou lewe, of jy van My weet of My ken of nie. Vertrou jy My, dat My planne en gedagtes vir jou goed is?”

**LOOP SAAM MET MY SOOS HENOG**

“O My volk, hoe begeer Ek dat julle met My sal wandel. Henog het met My gewandel. Hy het My bo alles liefgehad. Hy het soos ‘n kind geglo. Hy het My daagliks gesoek en My naam aangeroep.”

**“Dit is die eer van God om ‘n saak te verberg, maar die eer van konings om ‘n saak na te speur.” (Spr. 25:2)**

“Ek het My geheime aan Henog bekend gemaak. Sommige daarvan het hy neergeskryf. Baie van die dinge wat julle as algemene kennis beskou, soos ure, dae, maande, jare, seisoene, is alles aan Henog geopenbaar. Ek het aan hom baie geheime van die hemel en die aarde bekend gemaak.”

**“Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie.”**
**(Jer. 33:3)**

“Ek begeer so om jou te verras met dinge wat niemand anders weet nie. Kom na My toe, My kinders. Kom na My toe en Ek sal julle skoon was met die bloed van die Lam en Ek sal aan julle spierwit klere en rus in My gee. Kom drink van die fontein van Lewe. Kom drink My ewige water. Dan sal jy nooit weer dors word nie.”

**ONS IS IN DIE LAASTE DAE**

“Dinge op die aarde gaan baie vinnig verander. As jy My nie het nie, sal jy niks hê nie. Lê alles neer wat jy dink Ek is en fokus slegs op My. As jy My roep, My naam aanroep, sal Ek jou uit die hemele hoor. My volk, ons staan aan die begin van die einde, soos in My boek Openbaring geskryf staan. Ons is in die laaste dae. Is jy gereed om My te ontmoet? As jy voor My staan, sal jy My herken? Ken jy my intiem? Sal jy met My trou? Sal jy My Bruid wees?

My volk, hou julle fokus op My.  Dit is baie balangrik dat julle My vir die waarheid sal vra.  Vra My om julle oë te open sodat julle die waarheid van My af kan onderskei."

**"As iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Daar! —moet dit nie glo nie." (Matt. 24:23)**

"Vra My om julle die ware profete te wys.  Want hulle is My spreekbuis. Ek sal julle ook die waarheid wys as julle My net wil vra.

Baie dinge sal op aarde begin verander. Baie natuurlike rampe sal voorkom, want dit is die geboortepyne wat begin.  Die 40ste week kom nader.  Julle sal baie onrusbarende dinge op aarde sien en ervaar.  Ek sal julle net daaruit lei as julle op My bly fokus en aan My gehoorsaam is."

**BID DAT JY JOU DOEL SAL VERVUL**

"Om die dood op aarde te ervaar, beteken nie dit is die einde nie. Maar bid dat julle julle doel sal vervul wat Ek vir julle in gedagte gehad het toe Ek julle geskape het.

Wat 'n wonderlike doelwit om te doen wat die Vader van jou gedroom het van die grondlegging van die wêreld af.  As jy naby aan My kom, op die geheime plek op My wag, sal Ek met jou praat en My hart aan jou openbaar.  As jy My toelaat, sal Ek jou hart vergroot om baie waarhede van My te ontvang.  Jy sal dan My doel vir die mens en vir jouself sien en verstaan.  Ek wag vir jou My kind, om My te roep, om

jou hart op My in te stel en die waarheid oor My te begeer. My oë soek gedurig na diegene wat My soek, wat reg en in geregtigheid met My lewe. As jy My in die Gees en waarheid soek, sal Ek my oë op jou instel en Myself aan jou openbaar. Roep My en Ek sal jou antwoord. Ons is in die elfde uur.”

**“En omtrent die elfde uur gaan hy uit en vind ander ledig staan en sê vir hulle: Wat staan julle hier die hele dag ledig? Hulle antwoord hom: Omdat niemand ons gehuur het nie. Hy sê vir hulle: Gaan julle ook in die wingerd, en wat reg is, sal julle ontvang.” (Matt. 20:6-7)**

## Hoofstuk 12

## EK SAL JOU TOETS

2 Mei 2011

**“… Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.”**
**(Joh. 10:10)**

“Daar is baie verlore drome. Dit is waar dat Ek baie drome toegelaat het om verlore te raak of weggeneem te word, soos dié van My dienskneg Job, om te sien of julle My net bo alles kan liefhê. Keuses soos die twee bome in die tuin – die boom van Lewe en die boom van Kennis van goed en kwaad. Wanneer daar ‘n keuse is, kan ‘n besluit

geneem word om My lief te hê of My te verwerp. As Ek sou inmeng en al die afgode uit julle lewe verwyder, sal julle My liefhê of My verwerp? As julle My bo dit alles kan liefhê en besef dat Ek God is, die Gewer van al jou skatte en besittings, sal jy besef dat Ek dit ook kan vervang en meer as dubbel dit wat jy verloor het kan teruggee.

Ek sal jou toets. Ek sal jou toets soos goud en silwer om jou suiwer te maak. Ek wil sien wat waarlik in jou hart is. Dit is alles ook sodat jy kan sien wat in jou hart is. As jy getoets word, sal dit wat in jou hart is, uitkom. Dit sal jou ook laat besef dat jy My meer nodig het. Meer van My, minder van jouself."

**DIE VADER SE SEUNS WORD OPGERIG**

"Die doel daarvan dat Ek die laaste Paaslam is wat vir die sondes van die wêreld geslag is, was nie net om jou van jou sondes te verlos, of jou met My bloed te was as jy My aanroep nie, maar ook sodat My Gees in die mens kan ingaan om jou goddelik te maak in lewe en natuur, maar nie in die Godheid nie. My Gees gaan in jou in en groei in jou as jy saam met My loop. Hoe nader jy aan My loop, hoe meer sal jy soos Ek word in lewe en natuur, maar nie in die Godheid nie.

Die Vader is besig om Sy seuns op te rig. Hulle wat naby aan God loop en Sy opdragte gehoorsaam, sal seuns van God wees. Julle word gelei deur My Gees wat in julle woon. Ek is nie ver weg van julle af nie. Ek is binne in julle. Ek weet alles. Ek is binne in julle tempel.

Julle liggaamlike tempel. Ek is beskikbaar vir jou as jy My roep. Roep My aan. Dié wat die Naam van God aanroep sal gered en verlos word. As jy My Naam aanroep, sal Ek saam met jou oor ‘n muur spring.

Ek is die God van die heelal. Toe die mens geval het, is daar aan Satan mag verleen op die aarde. Hy is die prins van hierdie wêreld. Daarom moet jy My aanroep sodat My koninkryk op die aarde kan kom soos dit in die hemel is. In die Millennium sal Ek kom om My koninkryk op aarde te vestig. Ons sal alles, wat deur ongoddelike dinge vernietig is, herstel”.

**MOENIE MISLEI WORD NIE.**

“My volk, moenie verskrik wees oor wat jy tans in jou land sien gebeur nie. Moenie bekommerd wees oor wat jy in die nuus lees nie. Draai jou fokus na My toe, want Ek is die God van Abraham, Isak en Jakob. Daar is niks en niemand soos Ek nie. Waarop jy ook al jou oë rig, sal groei. As jy op My fokus en na My kyk, sal Ek soos ‘n reus binne-in jou groei. As jy op die nuus en aardse gebeure wat jy as die waarheid sien, fokus, sal dít groei. Wat jy is, wat in jou hart is, sal uitkom. As jy My eet en drink, sal jy My praat met ander. Jy sal ook die lewe geniet. Die huidige nuusstelsel en dit wat na die mense toe deurgegee word, word deur die vyand beheer. Moenie mislei word deur wat jy dink jy op die nuus sien nie. Dit alles maak jou louwarm. Die vyand sal kom as ‘n engel van die lig en sy skoonheid sal jou aandag aftrek.”

**KOM UIT DIE SONDE UIT!**

"My volk, kom uit julle sonde uit! Sonde kan genotvol en in 'n mantel van skoonheid gehul wees, maar dis slegs vir 'n rukkie genotvol. Daarna volg die dood en verwoesting. Met sonde is daar gevolge. My volk, die tyd is min. Draai terug na My toe van julle sondige weë af. Draai weg van julle sondige lewe af. Kies nou: lewe of dood. Kies nou, want julle keuse sal 'n ewige gevolg hê. Julle saai nou wat julle later sal oes. My volk, luister na My, die tyd is min. Is julle bereid om julle lewens af te lê soos julle dit ken om in My ewige lewe en genot te hê?"

**EK NEEM JULLE HEMEL TOE IN JULLE SLAAP**

"My kinders, weet julle hoeveel keer neem Ek julle snags as julle slaap hemel toe om My teenwoordigheid te geniet en by die Vader te wees? Ons gesels met julle, moedig julle aan en dans met julle. Ons wys julle selfs dinge oor My Vader se woonplek. Baie keer kom haal Ek julle om My te geniet terwyl julle slaap. Maar Ons verberg dit vir julle. Julle onthou nie eers dat julle Ons teenwoordigheid in die hemel geniet het nie. Julle voel net verfris en geliefd en bemoedig wanneer julle die volgende oggend wakker word. Julle sal dit in die nabye toekoms onthou.

Ons kinders, ons het julle lief. Ons gee om vir julle en ons gedagtes en planne is goed vir julle. Niks is vir My onmoontlik nie.

Ek is die God van die buitengewone. Ek is die God vol groot geheime en verrassings, alles gebêre vir hulle wat My meer begeer, vir hulle wat My Naam aanroep. Omdat Ek die Alfa en Omega is, die begin en die einde wil Ek jou toevou in My liefde. Sal jy My toelaat om jou in My liefde toe te vou? Ek sal jou liefhê en aan My bors druk tot in alle ewigheid."

## Hoofstuk 13

## DIE OES IS GEREED

3 Mei 2011

"My koringlande is gereed om geoes te word. Baie is voorbereid om die waarheid te ontvang. Ek het baie harte deur My Gees gereed gemaak. Die arbeiders is min. Hoekom? Elke kind van My wat deur My aangeraak is, moet My dien. Diegene wat deur My gedien is, kan weer andere dien. Hulle moet in die lande werk. Jy moet saam met My loop op jou daaglikse reis, dan kan jy werk en die mense wat elke dag om jou werk, bly dien. Jy moet vrylik gee, want jy het vrylik ontvang. Hoekom, My kinders, hou julle My genade, My liefde, My guns wat Ek julle gegee het vir julleself? Hoekom deel julle dit nie so vrylik uit as wat Ek dit vir julle gegee het nie?

Om vir My te werk beteken nie om jou werk te bedank en iewers heen te gaan om siele te werf nie. Ek sal jou spesifiek roep vir so iets. My

dienaars is hulle wat hul lewens voor andere uitleef, deur My eers te eer.  Soos om te leef wat jy verkondig.  Hierdeur dien jy ander.  Jy kan My op daardie manier dien in jou werksplek, skool en daaglikse lewe. As jy praat en handel wanneer jy My gehoorsaam, met ander woorde as jy praat en handel wanneer jy My opdrag kry, sal Ek mense deur jou aanraak.  My volk, julle moet My ken om My uit te leef.

Julle is menslik en maak foute.  Maar Ek kies om deur julle te werk as 'n gebroke werktuig.  Die lande is van die begin af witryp omdat die mensdom hulle Saligmaker, hulle God nodig het.  Ek is die Lig van hierdie wêreld en die wat My nie intiem ken nie, sal dors en soekend wees.  Hulle sal nie weet hoekom hulle dors en soekend is of waarvoor hulle dors en soekend is nie.  Slegs Ek sal jou dors les.  Slegs Ek is die Waarheid, die Weg en die Lewe.  Slegs as jy My soek, sal Ek aan jou die dinge wat jy nie weet nie, openbaar maak.  Alle ander begeertes sal tydrowend, tevergeefs en vrugteloos wees. My volk besef dat die mensdom My soek en na My verlang, maar hulle kan My nie onderskei nie.  Hulle weet in hulle harte van My, maar verkies om hulle Skepper te vermy of te verwerp.  In My genade en barmhartigheid trek Ek hulle steeds na My toe.  Ek het vir die mens die gawe van vrye keuse gegee.  Kies die lewe of die dood, seën of vloek.  Alle mense kan kies.  Die begeerte van My Vader se hart is dat almal gered sal word.  Maar baie het in hulle harte opstandigheid en haat teenoor My gesaai.  Baie is geroep, maar min is uitverkies."

**VERBLIND DEUR DIE SONDE**

**“Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos ‘n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat! Want Ek sê vir julle: Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!” (Matt. 23:37-39)**
**HIERDIE IS ‘N GODDELOSE GESLAG**

“Baie van die bose gebeurtenisse op aarde is nie die Satan soos almal dink nie. Dit is mense, dis hul opstandigheid teenoor My, haat teenoor My, selfsug en wetteloosheid. As gevolg van die sonde en die keuse om sonde te doen, soos ongehoorsaamheid aan My, groei onkruid in julle harte. En dit hou net aan met groei. Met verloop van tyd kan julle My nie meer sien of onderskei nie. Julle is verblind. In hierdie blindheid kan julle nie onderskei tussen goddelik en ongoddelik nie. Dit lei daartoe dat julle geen respek het vir mense of vir God het nie. Dit lei tot die dood en verwoesting.

My volk, daar is nie meer tyd om in sonde vasgevang te wees nie. Kom weg van daardie sonde af. Kom na My toe en bely daardie sonde. Vra My om jou My hart daaroor te wys. Vra My of dit regtig sonde is. My Woord is waar. Baie het My woorde verdraai om hulle eie ongoddelike begeertes en behoeftes te pas. Het jy geweet dat Ek met rede grense stel? Ek stel grense, soos die strand rondom die see.

As daar nie grense was nie, sou die golwe van die see julle verswelg het. Net soos hierdie grens is daar ander grense wat tot julle eie voordeel gehoorsaam moet word. Dis vir julle beskerming. Hoekom hou jy aan om wat Ek in My Woord gesê het, te bevraagteken? As jy oor iets wonder of vrae het, kom vra My. Ek sal die waarheid aan jou bekendmaak. Hoekom argumenteer julle met mekaar oor My Woord? Vra die Skrywer! Ek ken My Woord. Ek ken My doel daarmee."

## Hoofstuk 14

# BOODSKAP VAN DIE VADER

4 Mei 2011

God het vir my gesê: "Hierdie is die laaste hoofstuk."

Ek het gevra: "Hoekom 14 hoofstukke, Here?"

God het geantwoord dat twaalf goddelike regering is, plus twee dae. Ek het God gevra om dit vir my te verduidelik. Sy antwoord was:
"Toe My Seun 2000 jaar gelede aarde toe gekom het, was dit God wat mens geword het, wat Ons Goddelike regering op aarde was. Die twee dae verteenwoordig die afgelope 2000 jaar. Die tyd het gekom, dit is verby. Volmaakte tydsberekening!

Alles is besig om bymekaar te kom dat die profesieë vervul kan word; dat alles wat in My Woord geskryf is in vervulling kan gaan. My Seun, julle Koning, julle Bruidegom, is gereed om Sy Bruid te kom haal. Al die voorbereidings is afgehandel en die bruilofsfees is gereed.

Bruid, is jy gereed om jou Koning te ontmoet? Bruid, is jy gereed om met jou Bruidegom te trou? Dit is My God'like doel, om die Hoof en die Bruid in die huwelik te bevestig. Want ons sal vir ewig bymekaar wees!
Is jy opgewonde om My, jou Vader, van aangesig tot aangesig te ontmoet?"

**"Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors." (Jes. 9:5)**

**DEUR JESUS MAG ONS GOD ONS VADER NOEM.**

"Jy kan slegs deur My Seun na My toe kom. Jeshua, wat julle ook Jesus noem, is die enigste weg na My toe. Omdat Hy aan My gehoorsaam was, deur wat Hy aan die kruis vir julle gedoen het, kan julle vrylik kom en aan My deel hê en My *Vader* noem! Hy was die eersgebore Seun. Deur Hom sal baie tot in ewigheid geseënd wees. Omdat Hy My liefgehad het, het Hy My gehoorsaam. Omdat Hy My volmaakte wil vir die mens gehoorsaam het, het Ek Sy Naam verhef bo alle name en Hom alle gesag en mag gegee. Want Sy wil was om

My wil te doen. Vir Sy gehoorsaamheid sal Hy vir ewig Heer van alle here en Koning van alle konings wees.

Baie het Hom vervolg en verwerp omdat Hy die waarheid verkondig het. As jy My seun is, sal jy dieselfde pad as Jesus, My Seun loop. Jy sal vervolg en verwerp word omdat jy My wil doen en verkondig. Jy sal uitgewerp word omdat jy My wil doen. Net My Bruid, die oorblyfsel uit die nasies ('remnant'), sal luister en die waarheid onderskei. As jy My vra vir die waarheid, sal Ek jou die waarheid vertel. Vra My om vir jou My hart te wys. My hart bevat net liefde en waarheid. Kom na My toe en Ek sal jou wys."

**VUUR IN JULLE MONDE.**

"My seuns, dit is nou die tyd om op te staan. Kom op julle voete, want Ek wil My vuur in julle monde plaas. Ek wil julle die gesag gee om met die mense te praat wat Ek na julle toe sal stuur. Praat slegs wanneer Ek julle die opdrag gee om te praat. Ek sal die woorde in julle monde lê en My vuur sal op die mense val. My seuns, bly naby My. Daar is nog baie dinge wat julle in 'n kort tydjie moet leer, voordat Ek julle kom haal. Bly naby My hart en sit jou oor by My mond. Begeer van My om jou mond aan te raak. Begeer van My om jou hart te vervang met 'n deel van die Vader se hart. Dan sal jy die mense liefhê wat Ek na jou toe stuur. Dan sal jy die woorde wat jy van die Vader hoor in hulle harte in spreek.

My seuns, Ek het baie van julle met vuur getoets. Julle pad was moeilik. Die beproewinge en swaarkry was om julle te vorm om My doelwitte te behaal. Sal julle My wil doen, My volmaakte wil, wanneer Ek dit van julle vra? Sal jy drink uit die beker wat Ek vir jou sal skink?

Vra My om vir jou 'n ewigheidsperspektief te gee. Jy het nodig om te weet wie jy in Christus is om te stap in die roeping om My wil te doen in die natuurlike dimensie sodat dit 'n effek kan hê in die geestelike dimensie. Vra My wie jy in Christus is, soos My Seun wat op die aarde was. In gehoorsaamheid het Hy het My wil gedoen in die natuurlike dimensie. Dit het 'n effek gehad in die geestelike dimensie en hierdie vrugte sal ewig bly. Jou vrugte sal egter bloei as jy My wil doen, dit waarvoor Ek jou geroep het om aan gehoorsaam te wees.

Gehoorsaamheid aan My daaglikse opdrag is noodsaaklik. Gehoorsaamheid sal geweldige seën meebring, want jy sal vir jou skatte bymekaarmaak in die hemel. As jy My Seun, Christus, wat die Lig is, vind, het jy 'n skat op aarde gevind. Hy sal jou Bron, jou Lig, die Weg en die Waarheid wees.

Luister daagliks goed wanneer Ons met jou praat. Die tyd het uitgeloop. Om nou in pas te bly met Ons, sodat Ons jou gids kan wees, moet jy aandagtig luister. Gebeure in die natuur en met die mensdom sal vinnig plaasvind. Daar sal daagliks dinge op die aarde gebeur. Baie is blind en sien nie dat die tyd aangebreek het nie."

**“En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens: hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed gekom en almal vernietig het. Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: hulle het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou. Maar op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en swawel van die hemel af gereën en almal vernietig. Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word. In daardie dag moet hy wat op die dak sal wees, terwyl sy huisraad in die huis is, nie afkom om dit weg te neem nie; en so ook moet hy wat op die land sal wees, nie omdraai na wat agter is nie. Dink aan die vrou van Lot! Elkeen wat probeer om sy lewe te red, sal dit verloor; en elkeen wat dit verloor, sal dit behou.” (Luk. 17:26-33)**

## BEKENDMAKING VAN DIE SEUNS VÓÓR DIE WEGRAPING

“My seuns, terwyl julle My woorde spreek, sal baie teen julle in opstand kom. Die oorblyfsel uit die nasies (‘remnant’) sal julle herken. Geseënd is julle, want julle loop op die pad van die eersgebore Seun. As julle in die waarheid wandel, sal julle deur godsdiens vervolg word. Wees sterk; Ek sal met julle wees en Ek sal vir julle veg.”

**"Kyk, Ek stuur julle soos skape onder die wolwe in; wees dan versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe. Maar pas op vir die mense; want hulle sal jul oorlewer aan regbanke, en in hulle sinagoges sal hulle julle gésel. En ook voor goewerneurs en konings sal julle gebring word om My ontwil tot 'n getuienis vir hulle en vir die heidene. Maar wanneer hulle jul oorlewer, moenie julle kwel oor hoe of wat julle sal spreek nie, want dit sal julle in daardie uur gegee word wat julle moet spreek; want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Gees van julle Vader wat in julle spreek. Maar die een broer sal die ander tot die dood oorlewer en die vader sy kind, en die kinders sal teen hulle ouers opstaan en hulle doodmaak. En julle sal deur almal gehaat word ter wille van My Naam. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word." (Matt. 10:16-22)**

"My seuns, julle sal bekendgemaak word voor die wegraping, voor My Seun kom om Sy Bruid te kom haal. Luister en wees gehoorsaam; dan sal julle My wil doen en dit sal neergeskryf word dat julle deel was van My goddelike voorneme, doel en wil vir die mensdom, wat tot in ewigheid sal duur."

**"Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom**

**voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.”**
**(Heb. 12:1-2)**

## GEBED

Skepper God en ewige Vader, ek erken U as my HERE!

Jesus Christus, my verlosser, aan U bring ek dank en eer. Ek glo U het aan die kruis van Golgotha gesterf vir my sondes. Ek glo U het opgestaan uit die dood en U lewe by die Vader; U het my vrygekoop met U bloed en ek behoort aan U. Daarom wil ek vir U alleen lewe en wil ek gereed wees as U weer kom om my te kom haal.

Vader, ek staan skuldig voor U en teenoor my naaste vir my lewenswyse en verkeerde handelinge. Ek erken my sonde en tekortkominge. As U kind kom buig ek nou voor U met ‘n berouvolle hart en vra om vergifnis. Was my skoon met die bloed van die Lam, Jesus Christus en ek sal witter as sneeu wees en geen sonde sal meer teen my gereken word nie. Ek dank U daarvoor.
Ek vergewe nou elkeen wat my kwaad of leed aangedoen het.
Bewaar my teen die listigheid van die verleier.

Heilige Gees, openbaar aan my al die dinge wat my verhinder om die wil van die Vader in my lewe ten volle uit te leef.

Wek in my ‘n gewillige gees, en rus my toe, o Here, om te alle tye gehoorsaam te wees aan U roepstem.  Gebruik my in U Koninkryk en betoon aan my U genade.  AMEN.